

Storiebundel

AFRIKAANS

HUISTAAL

KWARTALE 1 & 2

GRAAD 1





Storiebundel

GRAAD 1 | KWARTAAL 1 & 2


AFRIKAANS

**Copyright © 2026 National Educational
Collaboration Trust (NECT)**

This work is licensed under a **Creative Commons
Attribution–NonCommercial–NoDerivatives 4.0
International License (CC BY-NC-ND 4.0)**.

Additional permissions beyond the scope of this license
may be available. For further information, please
contact the publisher at **materials@nect.org.za**.

First edition, 2026



KWARTAAL 1



KAART VAN SUID- AFRIKA



Noord-Kaap



Bohlale se
nuwe boek



Wes-Kaap



Atlantiese
Oseaan



Die groot
beet



Tseko se nuwe
babasussie



Olwethu se
eerste skooldag



Mohau leer
om te lees



Teddie kry
'n haarsny



Indiese Oseaan

Oos-Kaap

Noordwes

Gauteng

Mpumalanga

KwaZulu-
Natal

Limpopo

WÊRELDKAART





Asië



My penmaat,
Li Wei



Europa



Afrika



Stillë Oseaan

Īndiesë
Oseaan



Australië



Antarktika

KWARTAAL I VERHALE



1. Olwethu se eerste skooldag

1



2. My penmaat, Li Wei

13



3. Teddie kry 'n haarsny

25



4. Tseko se nuwe babasussie

37



5. Bohlale se nuwe boek

51



6. Mogau leer om te lees

65



7. Die groot beet

79



8. Hoekom die lamas hoog woon

93

VERHAAL 1

OLWETHU SE EERSTE SKOOLDAG

Tema: Ons gaan skool toe



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om beter te verstaan hoe angste kan lyk en voel.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Olwethu se gesin sien haar trane en sien dat sy ongelukkig is.
- Olwethu voel beter omdat haar gesin haar ondersteun. Met hulle hulp kan sy haar vrees om vir die eerste keer skool toe te gaan, die hoof bied.
- Olwethu was aanvanklik bang, maar sy het uiteindelik die skool liefgehad. Soms voel ons bekommerd oor nuwe dinge, maar dit is nie so erg soos ons dink nie.



Begripstrategie: Maak verbindings

- Wat is dit: Om te dink aan hoe die verhaal verband hou met jou eie lewe, ander boeke, of die wêreld.
- Waarom ons dit gebruik: Om die verhaal beter te verstaan deur dit te verbind met dinge wat jy reeds weet.
- Hoe dit help: Dit maak die verhaal meer betekenisvol en makliker om te onthou.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
3, 1	Binnekort gaan Olwethu vir die eerste keer skool toe. Olwethu voel baie angstig. Sy kan nie slaap nie. Sy kan nie eet nie.	Dit kan vreesaanjaend wees om iets nuuts vir die eerste keer te probeer. Ek onthou hoe ek gevoel het voor my eerste dag as 'n juffrou. Ek was so senuweeagtig dat ek nie kon slaap nie!
10, 1	Uiteindelik is dit tyd om huis toe te gaan! "Ek wil nie huis toe gaan nie!" huil Olwethu.	Ek kan 'n verbinding maak. Soms is dit baie moeilik en vreesaanjaend om iets nuuts te doen. Maar dit is nooit so erg soos ons gedink het dit sou wees nie.

Binnekort gaan Olwethu vir die eerste keer skool toe. Olwethu voel baie angstig. Sy kan nie slaap nie. Sy kan nie eet nie.



Drie dae voor die skool begin, neem Olwethu se ouma haar winkels toe om haar skoolklere, skoolskoene en skryfbehoeftes te gaan koop. Gewoonlik hou Olwethu daarvan om winkels toe te gaan.

“Ek wil nie gaan nie,” huil Olwethu in die taxi op pad dorp toe. “Hoekom nie? Jy is altyd mal daaroor om winkels toe te gaan!” sê Ouma.

“Ek wil nie skool toe gaan nie. Ek wil nie die hele dag weg van Ouma af wees nie!” sê sy.

“Moenie bang wees nie!” sê haar Ouma. “Ek sal elke dag daar wees wanneer jy van die skool af kom!”



Twee dae voor die skool begin, help Olwethu se ouer suster, Zinzi, haar om haar nuwe skryfbehoeftes in haar skooltas te pak.

“Ek wil nie my skooltas pak nie!” huil Olwethu.

“Hoekom nie? Jy het hierdie pragtige nuwe skooltas en al hierdie mooi nuwe skryfbehoeftes!” sê Zinzi.

“Ek wil nie skool toe gaan nie. Ek wil nie die hele dag by die skool wees nie!” sê sy.

“Moenie bang wees nie!” sê Zinzi. “Ek sal elke dag saam met jou daar wees!”



Die dag voor die skool moet begin, wys Olwethu se mamma haar hoe om haar skoene blink te poets.

“Ek wil nie daardie skoene dra nie!” huil Olwethu.

“Hoekom nie? Jy is altyd mal oor nuwe skoene!” sê Olwethu se mamma.

“Ek wil nie skool toe gaan nie. Ek wil by die huis bly en die heeldag speel!” sê sy.

“Moenie bang wees nie!” sê haar mamma. “Jy kan gedurende pouse en na skool speel!”




Uiteindelik is dit die oggend vir Olwethu om skool toe te gaan. Olwethu trek haar nuwe skoolklere aan. Dit is skoon en gestryk. Sy trek haar skoolskoene aan. Hulle is blink gepoets! Olwethu rits haar nuwe skooltas toe en sit dit op haar rug. Dit voel swaar. Sy kyk na haarself in die spieël. Sy lyk gereed, maar sy voel glad nie gereed nie.

“Kom ons gaan,” sê Zinzi.




“Ek wil nie gaan nie!” huil Olwethu die hele pad skool toe.



Toe die klok lui, gaan sy na haar nuwe klaskamer toe. Haar juffrou wys haar waar om te gaan sit - langs 'n dogtertjie met presies dieselfde haarstyl as sy! Hulle glimlag vir mekaar. Die juffrou leer vir hulle klas 'n nuwe liedjie. Daarna teken hulle prentjies van hulle families.



Uiteindelik is dit tyd om huis toe te gaan! “Ek wil nie huis toe gaan nie!” huil Olwethu.





Lees 1

Waaroor gaan hierdie storie?

Dit gaan oor Olwethu.

Waarheen het Olwethu vir die eerste keer gegaan?

Sy het skool toe gegaan.

Hoekom wou Olwethu nie skool toe gaan nie?

- Omdat sy benoud gevoel het.
- Omdat sy nog nooit vantevore skool gegaan het nie!
- Omdat sy eerder by die huis saam met haar ouma wou bly.
- Omdat sy eerder die heeldag wou speel.



Lees 2

Wie help almal om Olwethu gereed te kry vir haar eerste dag van skool?

Haar ouma, haar ouer suster, Zinzi, en haar ma.

Hoe het Olwethu gevoel toe dit tyd was om huis toe te gaan na skool?

Sy was hartseer. Sy wou nie huis toe gaan nie!

Hoekom wou Olwethu nie huis toe gaan aan die einde van die storie nie?

- Omdat sy van skool gehou het!
- Omdat sy 'n maatjie gemaak het.
- Omdat sy soveel pret gehad het.
- Omdat sy nie wou hê die dag moet eindig nie.



VERHAAL 2

MY PENMAAT, LI WEI

Tema: Ons gaan skool toe



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika en China.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te besef dat mense in ander lande op sommige maniere soos hulle is en op ander maniere van hulle verskil.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Kinders regoor die wêreld gaan skool toe en eet middagete by die skool.
- Kinders regoor die wêreld leer en eet verskillende goed as kinders in Suid-Afrika.
- 'n Penmaat is iemand aan wie jy briewe skryf. Dit help ons om te leer hoe kinders in ander lande leef.
- 'n Verteller is die persoon wat die storie vertel.



Begripstrategie: Maak verbindings

- Wat is dit: Om te dink oor hoe die storie verband hou met jou eie lewe, ander boeke of die wêreld.
- Waarom ons dit gebruik: Om die storie beter te verstaan deur dit aan dinge wat ons reeds weet, te koppel.
- Hoe dit help: Dit maak die storie meer betekenisvol en makliker om te onthou.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
15, 1	Op my eerste skooldag sê my juffrou vir ons dat ons penmaats van China gaan kry.	Ek kan 'n verbinding maak met die storie: Olwethu se eerste skooldag. Dit gaan oor die verteller se eerste skooldag, soos dit ook Olwethu se eerste skooldag was.
20,2	“Dit is vir ons moeilik, want ons het hulle nog nooit gebruik nie. Maar kinders in China kan eetstokkies gebruik om rys te eet,” sê sy.	Ek kan 'n verbinding maak: soms eet ons rys vir middaget, net soos die kinders in China. Ons eet die rys egter op 'n ander manier – ons gebruik 'n vurk of lepel, terwyl die kinders in China eetstokkies gebruik.

Op my eerste skooldag sê my juffrou vir ons dat ons penmaats van China gaan kry. Sy wys vir ons 'n foto van die klas met wie ons penmaats gaan wees. “Hul eerste dag was in September,” sê sy. “Ons skooljaar begin in Januarie. In China duur die skooljaar van September tot Julie!”




Daarna wys my juffrou vir ons waar China op die kaart is. “China is in Asië,” verduidelik sy. “Asië is ’n ander kontinent. Ons woon op die Afrika-kontinent.”



Zinzi steek haar hand op en vra: “Wat leer Chinese kinders in die skool?”


My juffrou is nie seker nie. Sy maak haar rekenaar oop en begin soek op die internet. Sy lees ’n paar feite uit ’n artikel wat sy gevind het, voor: “Laerskoolkinders leer ’n Chinese taal, Engels, wiskunde, liggaamlike opvoeding, musiek, kuns, natuurstudie en letterkunde.”



My juffrou wys vir ons 'n prentjie van 'n paar woorde wat in een van die Chinese tale, Mandaryn, geskryf is. Sy verduidelik dat ons vanjaar gaan leer om in Afrikaans te lees. Ons sal 26 letters leer om al die woorde in ons taal te lees en te skryf. In die Chinese taal het elke woord sy eie simbool. Die Chinese kinders moet duisende simbole leer.



Daarna soek my juffrou op die internet en vind 'n video van Chinese skoolkinders wat oggendoefeninge doen. Ons hou honderde kinders dop wat in netjiese rye staan en oefeninge op harde musiek doen. Die skoolhoof tel: “Yi, er, san, si” (1,2,3,4) om te sorg dat almal in gelid bly.



“Kyk hierna,” sê my jufrou terwyl sy twee klein houtstokkies omhoog hou. “Hierdie word eetstokkies genoem,” sê sy. “Ons eet met ons hande of met ’n vurk, mes en lepel. In China eet kinders hulle middagete hiermee.”



My juffrou vra vir Kagiso om te probeer om klein klippies met die eetstokkies op te tel. Ons almal lag terwyl ons hom dophou terwyl hy probeer. “Dit is vir ons moeilik, want ons het hulle nog nooit gebruik nie. Maar kinders in China kan eetstokkies gebruik om rys te eet,” sê sy.

In ons klas begin ons nou eers leer hoe om te lees. My juffrou sê dat ons die briewe huis toe kan neem en saam met ons ouers kan lees. Ons ouers kan ons help om ons eie briewe te skryf en om 'n foto te neem om te stuur. “Maar teen die einde van die jaar sal julle julle eie briewe skryf. Dit is ons doelwit.”



Uiteindelik gee sy aan ons elkeen 'n brief van ons eie penmaat. Ek maak my brief oop en kry 'n klein briefie en 'n foto van my nuwe penmaat!





Lees 1

Waar gaan die verteller skool?

Die verteller gaan in Suid-Afrika skool.

Waar kom die verteller se penmaat vandaan?

Die verteller se penmaat kom van China af.

Kan jy 'n verbinding maak met die skoolkinders in China? Wat is iets wat julle in gemeen het?

- Ons gaan skool toe.
- Ons eet somtyds rys vir middagete.
- Ons leer Engels en Wiskunde.
- Ons oefen.
- Ons leer hoe om te lees en te skryf.



Lees 2

Wat gebruik Chinese kinders om hulle middagete te eet?

Chinese kinders gebruik eetstokkies om hulle middagete te eet.

Hoe sal jy daarvoor voel, om soos die verteller, 'n penmaat te hê?

Ek sal voel omdat

Wat is sommige dinge wat verskillend is tussen skool in Suid-Afrika en China?

- Chinese kinders begin skool in September.
- Chinese kinders leer verskillende vakke - soos letterkunde en natuurstudies.
- Chinese kinders leer 'n ander alfabet as ons.
- Chinese kinders oefen almal saam in die oggend.



VERHAAL 3

TEDDIE KRY 'N HAARSNY

Tema: Ons gesinne



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te besef dat misverstande kan ontstaan met die mense vir wie ons lief is.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Henk dink dat hy help en dat hy gaaf is deur Teddie se hare te sny. Hy wil iets moois vir sy sussie doen nadat sy Teddie "oud" noem.
- Marie voel omgekrap/kwaad toe sy sien Teddie se hare is gesny.
- Hierdie storie wys dat mense soms nie reageer soos ons verwag nie. Mense verstaan mekaar dalk verkeerd.



Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenis en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
29, 4	“Ek dink Marie sal so verras wees! Sy sal dink sy het ’n splinternuwe teddiebeer!” dink Henk.	Ek lei af dat Henk probeer om iets moois vir sy suster te doen. Hy het gehoor hoe sy Teddie oud noem. Hy het gedink dat sy bly sou wees as Teddie weer nuut lyk.
34, 1	Henk kom die kamer binne en bring ’n klein blou jassie. “Ek het my teddiebeer se jassie uitgetrek,” sê Henk. “Ek dink jou teddiebeer het dit nodiger as myne.”	Ek lei af dat Henk sleg voel en sy sussie wil help om beter te voel. Dit is hoekom hy sy teddiebeer se baadjie vir haar wil gee.

Marie se teddiebeer was haar spesiale besitting. Sy het saam met haar spesiale teddiebeer geslaap vandat sy 'n klein babatjie was. Elke aand het sy haar sagte teddiebeer styf vasgehou. Wanneer sy hartseer was, het sy haar teddiebeer styf vasgehou. Wanneer sy by die huis was, was haar teddiebeer altyd naby aan haar.

Teddie was die een spesiale speelding wat Marie se ma haar toegelaat het om nie met ander te deel nie. Tog was Marie so 'n vrygewige groter sussie dat sy klein Henk toegelaat het om haar teddiebeer vas te hou.



Een middag terwyl Marie en Henk speel, hoor Henk hoe Marie met haar teddiebeer gesels. “Jy word nou regtig oud,” sê sy laggend. Sy druk haar teddiebeer. “Tog bly ek lief vir jou!”



Die volgende dag, terwyl Marie by die skool is, kry klein Henk 'n skêr in die kombuis.

“Ek het 'n plan!” dink Henk. Henk dink aan Marie se teddiebeer. “Ek kan Marie se spesiale teddiebeer so goed soos nuut maak!” dink hy.

Henk neem die skêr en knip al die hare bo-op Teddie se kop af.



“Ek dink Marie sal so verras wees! Sy sal dink sy het 'n splinternuwe teddiebeer!” dink Henk.

Henk wag en wag vir Marie om na skool huis toe te kom. Hy kan nie wag om vir haar die verrassing te wys nie!

Toe Marie by die huis kom, snak sy na haar asem. “Wat het met Teddie gebeur?” skree sy vir Henk. Henk wys vir haar die skêr en glimlag.



“Ek het jou vertrou! Hoekom het jy my spesiale teddiebeer verwoes?” huil Marie.

“Jammer!” skree Henk. “Ek het gedink ek maak jou teddiebeer vir jou nuut!”

Marie hardloop al huilend uit die kamer.



Henk sit op sy eie. “Ek het gedink Marie sou van Teddie se haarsny gehou het!” dink Henk verward.

Marie kry haar mamma. Sy wys haar spesiale teddiebeer vir haar ma. “Kyk wat het Henk gedoen. Hy het my spesiale teddiebeer vir altyd verwoes! Ek wil nie eens meer hierdie lelike teddiebeer hê nie!” huil sy. Sy gooi vir Teddie op die vloer.



Later roep Marie se ma haar.

“Ek is so jammer dat Henk jou teddiebeer ’n haarsny gegee het wat hy nie nodig gehad het nie!” sê haar ma. “Teddie is nie verwoes nie,” verduidelik haar ma. Haar ma gee Teddie vir haar terug. Hy dra nou ’n rooi hoed. “Die hoed maak Teddie se lelike haarsny toe,” sê haar ma met ’n glimlag. “Kyk, hy lyk sommer spoggerig!”



Henk kom die kamer binne en bring 'n klein blou jassie. “Ek het my teddiebeer se jassie uitgetrek,” sê Henk. “Ek dink jou teddiebeer het dit nodiger as myne.” Hy gee die blou jassie vir Mamma en sy trek dit vir Teddie aan.



Marie voel steeds ontsteld, maar sy neem vir Teddie in haar arms. “Ek is jammer ek het jou lelik genoem! Ek sal vir jou lief bly al lyk jy hoe,” sê sy en gee vir Teddie ’n groot druk.





Lees 1

Wat het Henk gedoen om Marie se teddiebeer te verniel?

Hy het haar teddiebeer se hare gesny.

Hoe het Mamma probeer om Teddie reg te maak?

- Mamma het vir Teddie 'n rooi hoed en blou jassie aangetrek.
- Mamma het vir Teddie klere aangetrek om sy gate weg te steek.

Hoekom het Henk Teddie se hare gesny?

- Omdat hy gehoor het hoe Marie sê dat Teddie oud is.
- Omdat hy die teddiebeer nuut wou laat lyk.
- Omdat hy iets goeds vir sy sussie wou doen.



Lees 2

Wat het Henk gedoen nadat hy vir Teddie 'n haarsny gegee het?

Hy het gewag en gewag vir Marie om huis toe te kom.

Hoe het Marie gevoel toe sy Teddie se haarsny sien?

Sy was woedend!

Hoekom was Henk verward?

- Omdat hy gedink het hy doen iets goeds vir sy sussie.
- Omdat hy gedink het sy sussie wil haar teddiebeer nuut laat lyk.
- Omdat hy gedink het sy sal opgewonde wees.
- Sy sussie was glad nie opgewonde soos wat hy verwag het nie, en in plaas daarvan was sy woedend!

VERHAAL 4

TSEKO SE NUWE BABASUSSIE

Tema: Ons gesinne



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om beter te verstaan dat ons terselfdertyd, beide bekommerd en opgewonde kan voel.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Mense kan meer as een ding gelyktydig voel.
- Veranderinge kan gelyktydig vreesaanjaend, gelukkig of opgewonde wees. Om 'n nuwe baba in die huis te hê is 'n groot verandering wat baie verskillende gevoelens kan meebring.
- Om oor hierdie gevoelens te praat kan ons help om beter te voel.



Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenis en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.




Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
43, 4	“Enigiemand kan met ’n pop speel! Hoe gaan jy ooit weet wat om met ’n baba te doen as jy nie met ’n pop speel nie?”	Ek maak die afleiding dat Ouma dink dit is belangrik vir Tseko om te weet hoe om behulpsaam te wees as die nuwe baba kom.
45, 1	Daarna wys ouma vir Tseko hoe om ’n doek om te ruil. Sy het spesiale doeke vir poppe saamgebring sodat Tseko kan oefen!	Ek maak die afleiding dat Ouma baie weet oor hoe om vir ’n baba te sorg. Sy leer vir Tseko deur sy nuwe pop te gebruik.

Daar was nog net een week oor voor Tseko se nuwe babasussie gebore moes word.



Soms was Tseko bekommerd. Hy het nie boeties of sussies gehad nie - hy was die enigste kind. Tseko was bekommerd hoe dit gaan voel om 'n nuwe baba in die huis te hê. Hy was bekommerd hoe dit gaan wees om 'n sussie te hê.



Soms was Tseko baie opgewonde. Tseko was veral opgewonde omdat sy ouma sou kom kuier.

Tseko se pa het hom vertel dat Ouma vir 'n hele drie maande sou kom kuier, net soos toe Tseko gebore is! “Dit is 'n spesiale tradisie vir Ouma om te bly totdat die nuwe baba se naelstring afval!” verduidelik Tseko se pa. “Ek onthou die dag wat joune afgeval het asof dit gister was.”



Toe Tseko en sy pa vir Ouma by die bushalte gaan ontmoet, is Tseko baie opgewonde. Hy hardloop om sy ouma 'n drukkie te gee.

“My liewe Tseko! Is jy nie opgewonde om die groot boetie te wees nie?” vra Ouma.

“Ek weet nie,” sê Tseko. “Ek weet nie wat om met 'n baba te doen nie.”



Toe hulle by die huis kom, roep Ouma vir Tseko.

“Ek het ’n spesiale geskenk vir jou!” sê sy. Sy haal ’n nuwe babapop uit haar tas en gee dit vir Tseko.

“Ek het gedink poppe is net vir meisies?” sê Tseko.

“Dit is ’n baie outydse manier van dink,” lag Ouma.

“Enigiemand kan met ’n pop speel! Hoe gaan jy ooit weet wat om met ’n baba te doen as jy nie met ’n pop speel nie?”



Eers wys Ouma vir Tseko hoe om 'n baba vas te hou en te sus.

“Jy moet seker maak dat jy die baba se koppie vashou, want hulle nekke is nog nie so sterk nie!” sê Ouma.



Daarna wys Ouma vir Tseko hoe om 'n doek om te ruil. Sy het spesiale doeke vir poppe saamgebring sodat Tseko kan oefen! “Jy moet vinnig en versigtig werk wanneer jy 'n doek omruil, want babas beweeg en begin gou huil!” sê sy.



Toe wys Ouma vir Tseko hoe om 'n baba in 'n kombersie toe te draai. “Babas hou daarvan om styf toegedraai te word wanneer hulle nog baie klein is,” sê Ouma.



Ouma en Tseko het geoefen.

“Jy gaan ’n wonderlike ouer boetie wees,” glimlag Ouma.

Tseko weet hy moet nou begin opgewonde raak, maar hy is steeds ’n bietjie bekommerd.

“Ouma, sê nou maar Mamma is liefier vir die baba as vir my? Wat as sy meer van die baba hou as van my?” vra Tseko.

Ouma sit haar arm om Tseko.

“Ons het genoeg liefde vir julle albei. Jy hoef nooit daaroor bekommerd te wees nie!”



Van toe af was Tseko net opgewonde.





Lees 1

Wie het vir Tseko kom kuier?

Sy ouma het kom kuier.

Watter geskenk het Ouma vir Tseko gebring?

Sy het vir hom 'n pop saamgebring.

Hoekom het Ouma vir Tseko 'n nuwe pop saamgebring?

- Omdat sy vir Tseko 'n geskenk wou saambring.
- Omdat poppe vir almal is - nie net vir meisies nie.
- Omdat sy vir Tseko wou wys hoe om 'n baba te versorg.
- Om met 'n pop te speel is die enigste manier om te leer hoe om 'n baba te versorg.
- Omdat sy Tseko wou laat oefen hoe om 'n nuwe baba te versorg.



Lees 2

Vir hoe lank gaan Ouma bly?

Sy gaan vir drie maande bly.


Wat het Tseko se ouma hom gewys om te doen?

Sy het hom gewys hoe om:

- 'n Baba vas te hou en te sus.
- 'n Doek om te ruil.
- 'n Baba in 'n kombersie toe te draai.

Hoekom het Tseko eers aan die einde van die storie opgewonde gevoel?

- Omdat hy meer gemaklik gevoel het oor hoe om 'n baba te versorg.
- Omdat hy nou geweet het hoe om 'n nuwe baba te versorg.
- Omdat hy gevoel het dat hy nou 'n goeie ouer broer kan wees!
- Omdat hy nie meer bekommerd was dat sy ma en ouma die baba liever gaan hê as vir hom nie.



VERHAAL 5

BOHLALE SE NUWE BOEK

Tema: Ons lees



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om die konsep van teleurstelling beter te verstaan.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Boeke kan ons na plekke neem wat ons nie in die werklike lewe kan besoek nie. Bohlale vind dit in die verhaal uit.
- Bohlale leer om geduldig en positief te wees as dinge nie is soos wat sy verwag het nie.
- Haar nuwe boek help haar om meer ruimdenkend te wees oor die doen van verskillende dinge.



Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenis en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:


Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
56, 1	“Hierdie is nie pret nie!” dink Bohlale. Sy hardloop buitentoe om te gaan speel. Sy jaag ’n skoenlapper wat in die lug vlieg.	Ek lei af dat Bohlale aanvanklik nie te opgewonde oor haar boek is nie. Sy kyk nie eers daarna nie en gaan eerder buite speel.
62, 1	Uiteindelik kyk sy onder haar bed. “Sjoe!” sê sy. “Ek het gedink my boek is weg.”	Ek lei af dat Bohlale nou van haar boek hou, omdat sy bang voel wanneer sy dit nie kan vind nie.



Bohlale se tannie het na die vakansie kom kuier. Net toe Bohlale se tannie op pad was om te vertrek, gee sy vir haar 'n klein bruin pakkie.

“Ek het amper vergeet!” sê sy, “ek het vir jou iets gebring.”

Sy gee vir Bohlale 'n klein bruin pakkie met 'n groen lint.





Bohale sit die pakkie op haar bed neer. Sy dink aan die kryte wat sy saam met haar ma by die winkel gesien het.



Sy dink aan haar niggie Lebo se legkaart.

Uiteindelik maak sy die pakkie oop. Binne-in is 'n klein boekie.





“Hierdie is nie pret nie!”
dink Bohlale. Sy hardloop
buitentoe om te gaan
speel.

Sy jaag ’n skoenlapper wat
in die lug vlieg. Sy kyk hoe
’n vliegtuig oor haar kop
vlieg en wonder waarheen
dit gaan.



Sy gaan soek na
klippies in die
rivierbedding.



Toe voel sy hoe 'n reëndruppel reg tussen haar oë val.
Bohlale kyk op. Die lug is donker en grys.

Sy hardloop binne toe. Die reën begin harder en
harder val.



Bohlale gaan na haar kamer toe. Sy trek haar nat klere uit en trek haar warm, droë sweetpak aan. Sy sit op haar bed en kyk hoe die reën val. Sy luister na die donderweer.





Toe sien sy die boek op haar bed. Daar is 'n prentjie van die aarde op die buiteblad. Sy lees die titel, Rondom die Wêreld.



Bohlale maak die eerste bladsy oop. Daar is 'n prentjie van 'n reuse-piramide en kamele. “Ek wil daarheen gaan!” dink sy. “Egipte,” lees sy.



Bohlale blaai na die volgende bladsy. Sy lees die woorde, “New York”. Sy kyk na die prentjies. Daar is oral ligte en motors. Sy het nog nooit sulke hoë geboue gesien nie.




Op die volgende bladsy sien sy Kilimanjaro, die hoogste berg in Afrika.




Bohlale lees totdat sy met die boek steeds in haar hande aan die slaap raak.

Daardie aand droom Bohlale dat sy in 'n reuse vliegtuig vlieg.



Toe Bohlale wakker word, is die boek nie meer in haar hande nie. “Waar is my boek?” dink sy. Sy kyk onder haar beddegoed. Geen boek nie. Sy kyk op die bedkassie langs haar bed. Geen boek nie. Uiteindelik kyk sy onder haar bed. “Sjoe!” sê sy. “Ek het gedink my boek is weg.”





Bohlale poets haar skoene en pak haar skooltas. Sy sit haar nuwe boek in haar tas. Toe verander sy van plan. “Ek wil my boek vashou sodat ek daarin kan kyk,” dink Bohlale.



Die hele pad skool toe, blaai Bohlale deur die boek. Sy probeer besluit watter bladsy sy eerste vir haar vriende gaan wys.



Lees 1

Wie het vir Bohlale die nuwe boek gebring?

Haar tannie het die nuwe boek vir haar gebring.

Watter plekke sien Bohlale in haar nuwe boek?

Sy sien Egipte, New York en Kilimanjaro.

Hoe verander Bohlale se houding oor haar nuwe boek?

- Aanvanklik is sy nie baie opgewonde oor die boek nie.
- Wanneer sy die boek lees, is sy mal daaroor! Sy voel opgewonde oor die boek nadat sy eers daarna gekyk het.
- Teen die einde van die storie, hou sy so baie van die boek dat sy dit saam met haar skool toe vat.



Lees 2

Waaroor het Bohlale gedroom?

Sy het van 'n vliegtuig gedroom – soos die een in haar boek!

Hoe, dink jy, het Bohlale gevoel toe sy gedink het dat haar boek weg is?

Ek dink Bohlale het ... gevoel

Hoe kan jy aflei dat Bohlale aan die einde baie van haar boek hou?

- Bohlale hou aan om die bladsye om te blaai!
- Bohlale raak aan die slaap met die boek in haar hande.
- Bohlale droom van die boek. Sy kan nie ophou dink aan die dinge wat sy in haar nuwe boek gesien het nie.
- Bohlale is benoud toe sy dink dat die boek weg is!
- Bohlale besluit om haar boek skool toe te neem. Sy wil dit nie in haar skooltas sit nie.
- Bohlale wil haar boek vashou sodat sy maklik vir haar vriende al die interessante plekke in die boek kan wys.
- Bohlale dink die hele pad skool toe aan haar boek.

VERHAAL 6


MOGAU LEER OM TE LEES

Tema: Ons lees



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om beter te verstaan dat dit vir sommige leerders moeilik kan wees om te leer lees. As enige van hulle dus sukkel, is hulle nie alleen nie. As hulle ander leerders sien sukkel, moet hulle asseblief nie lalik wees met daardie leerders nie.



Begripstrategie: Vra vrae / wonder

- Wat is dit: Om te dink aan, en vrae oor die verhaal te vra terwyl jy lees.
- Waarom ons dit gebruik: Om geïnteresseerd te bly en meer uit te vind terwyl jy lees.
- Hoe dit help: Dit hou jou betrokke en help jou om die verhaal beter te verstaan. Dit help jou om te voorspel wat in die verhaal gaan gebeur.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- In Graad 1 leer ons om te lees deur klanke te leer, dit saam te voeg en woorde te maak.
- Dit neem tyd om te leer lees en dit kan moeilik wees vir sommige leerders.
- Leerders voel soms skaam of verleë as hulle nog besig is om te leer lees, terwyl ander leerders reeds vlot kan lees.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
68,1	Mogau maak asof hy die badkamer moet gebruik en hardloop vinnig by die klas uit.	Ek wonder waarom Mogau uit die klaskamer gehardloop het. Ek dink dit is omdat hy nog sukkel om die klanke te lees. Hy wil nie dat iemand weet hy sukkel nie.
70, 1	“Wat as, wat as, wat as ...?”	Ek wonder waarom mnr. Lehoko met Mogau wil praat. Ek sal moet aanhou lees om uit te vind!

Toe Mogau met skool begin het, was hy mal oor skoolgaan. Hy was mal oor sy onderwyser, Mnr. Lehoko. Hy was mal oor sy vriende, Khomotjo en Bokang. Hy was mal daaroor om na stories te luister.


Deesdae is Mogau nie meer so mal oor skool nie. Hy is steeds mal oor Mnr. Lehoko. Hy is steeds mal oor Khomotjo en Bokang. Hy is mal daaroor om na stories te luister, maar Mogau is die hele dag bang by die skool, want hy kan nie lees nie. Aan die begin het nie een van die kinders hul klanke geken nie en net 'n paar kon hul name lees, maar nou voel dit vir Mogau asof hy die enigste een is wat dit nie verstaan nie. “Wat as ek nooit leer lees nie?” Mogau is baie bekommerd. “Is daar iets fout met my? Wat as, wat as, wat as ...?”




Eendag roep Mnr. Lehoko vir Mogau om sy klanke te kom lees. Gewoonlik is Mogau mal daaroor om geroep te word, maar nie hierdie keer nie. Hy ken nie sy klanke nie. Mogau maak asof hy die badkamer moet gebruik en hardloop vinnig by die klas uit.



Die volgende week roep Mnr. Lehoko Mogau om vorentoe toe te kom om die sigwoord van die dag te lees. Gewoonlik is Mogau mal daaroor om voor in die klas te gaan staan, maar nie vandag nie. Hy ken nie die sigwoord nie. Mogau maak asof sy maag pyn. Hy sit met sy kop op sy tafel en probeer om siek te lyk.



'n Week later vra Mnr. Lehoko Mogau om gedurende pouse met hom te kom praat. Mogau eet sy kos stadig. Sy gedagtes spring rond. “Wat as Mnr. Lehoko op my skree? Wat as hy vir my sê dat ek dom is? Wat as, wat as, wat as ...?”



Uiteindelik gaan sit Mogau by Mnr. Lehoko se tafel, maar sy kop hang.

“Wat is fout?” vra Mnr. Lehoko vrolik.

Mogau kyk verras op. Mnr. Lehoko lyk nie kwaad nie – hy glimlag.

“Ek het opgelet dat jy sukkel met jou klanke en om jou sigwoorde te lees. Dit is geen probleem nie – ons leer almal verskillend,” sê Mnr. Lehoko sag.

“Ek is die enigste een! Wat as ek net nie kan leer lees nie!” antwoord Mogau.

“Nee, nee, jy is nie die enigste een nie! Daar is ander leerders wat net soos jy voel. Ons sal saam ’n spesiale groep hê. Op daardie manier kan ek julle help om jul klanke en sigwoorde te leer.”



Die volgende dag na skool, bly Mogau op sy stoel sit toe die res van die klas huis toe gaan. Hy kyk rond. Kelebogang en Mojakisani sit ook nog op hul stoele. Hy glimlag vir hulle.



Mnr. Lehoko roep hulle na die mat toe. Hy wys vir hulle drie klanke: /m/, /p/ en /a/. Hulle oefen 'n paar keer om die klanke te lees. Toe sit hy die klankkaarte op die mat neer. “Mogau, kan jy die klanke gebruik om die woord ‘ma’ te bou?” vra hy.



Mogau ken hierdie klanke. Eers neem hy die m-kaart en lees die klank /m/. Toe neem hy die a-kaart en lees die klank /a/. Hy sit die “a” langs die “m”. Toe klank hy die woord: “m-a – ma.”

“Jy is ’n leser!” sê Mnr. Lehoko opgewonde.



Na die les hardloop Kelebogang, Mojakisani en Mogau saam na die speelgronde. Hulle speel totdat die skoolhoof uit haar kantoor kom en vir hulle sê om huis toe te gaan voor dit donker is.



Toe Mogau huis toe loop, straal hy. “Wat as ek die beste leser in die klas word? Wat as ek nuwe vriende maak? Wat as, wat as, wat as ...?”





Lees 1

Wanneer het Mnr. Lehoko vir Mogau en die ander leerders wat ekstra hulp nodig het, ontmoet?

Hy het hulle na skool ontmoet.

Wie was die ander leerders wat hulp nodig gehad het om te lees?

Kelebogang en Mojakisani het ook hulp nodig gehad om te lees.

Hoekom het Mogau nie meer van skool gehou nie?

- Omdat hy nie kon lees nie.
- Omdat hy die hele dag by die skool bang was omdat hy nie soos die ander leerders kon lees nie.
- Omdat hy bekommerd was dat hy nooit sou leer om te lees nie.
- Omdat hy bekommerd was dat daar iets fout was met hom.
- Omdat hy bang was Mnr. Lehoko sal op hom skree as hy uitvind hy kan nie lees nie.
- Omdat hy gedink het hy is die enigste een in die klas wat nie weet hoe om te lees nie.



Lees 2

Hoe het Mogau gedink gaan Mnr. Lehoko voel as hy uitvind Mogau kan nie lees nie?

Hy het gedink Mnr. Lehoko gaan kwaad wees.

Hoe, dink jy, gaan Mogau nou oor skool voel?

Ek dink hy gaan ... voel, want ...

Hoekom, dink jy, wou Mnr. Lehoka na skool vir Mogau ontmoet?

- Omdat hy vir Mogau ekstra hulp wou gee.
- Omdat hy kon sien Mogau is skaam. Hy wou nie hê die ander leerders moet weet dat Mogau (en Kelebogang en Mojakisani) sukkel om te lees nie.
- Hy wou die kinders wat sukkel sy volle aandag gee.
- Hy wou Mogau, Kelebogang en Mojakisani laat sien dat hulle lesers is!



VERHAAL 7

DIE GROOT BEET

Tema: Ons vertel stories



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Limpopo, Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om die lees van stories te geniet.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Boer Baloyi gebruik al die mense en diere op sy plaas om hom te help beet oes.
- Daar is niks daarmee fout om vir hulp te vra nie. As ons in 'n span saamwerk, dan help ons mekaar om groot take uit te voer wat ons nie alleen sou kon doen nie.



Begripstrategie: Visualiseer

- Wat is dit: Om 'n geestelike prentjie te vorm van wat in die verhaal gebeur.
- Waarom ons dit gebruik: Om die verhaal meer werklik en interessant te laat voel.
- Hoe dit help: Dit help jou om te verstaan hoe die karakters en plekke lyk en maak die verhaal lewendiger.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
83, 1	Boer Baloyi trek en trek en trek, maar hy kry nie die groot beet uitgetrek nie.	Ek visualiseer hoe boer Baloyi so staan en trek en trek. Ek kan sien hoe hy frons en begin sweet!
86, 1	Boer Baloyi en Mama Rhandu, en Nsovu, en die hond probeer om saam die beet uit te trek. Hulle trek en trek en trek, maar hulle kry nie die groot beet uitgetrek nie!	Ek visualiseer die hond wat grom omdat hy so sukkel, terwyl hy trek en trek.

Boer Baloyi het saam met sy vrou, Mama Rhandu, op sy pragtige plaas in Venda gewoon. Hy was gelukkig, want die grond op sy plaas was vrugbaar en daardie jaar het dit baie gereën. Boer Baloyi en Mama Rhandu was baie opgewonde oor die oes.



Eendag, toe dit tyd was om te oes, het Boer Baloyi na sy groentetuin geloop. “Dit is tyd om my groente te oes!” sê Boer Baloyi. Boer Baloyi trek die uie uit. Hy trek die aartappels uit. Hy trek die wortels uit. Hy trek die beet uit, maar een beet kan hy nie uitkry nie! Dit is ’n baie groot beet. Dit is ’n reusagtige beet!



Boer Baloyi trek en trek en trek, maar hy kry nie die groot beet uitgetrek nie.

“Ek het hulp nodig,” sê die boer. Hy roep sy vrou, Mama Rhandu.



Boer Baloyi en Mama Rhandu probeer om saam die groot beet uit te trek. Hulle trek en trek en trek en trek, maar hulle kry nie die groot beet uitgetrek nie!

“Ons het hulp nodig,” sê Mama Rhandu. Sy roep vir Nsovo, hul seun.



Boer Baloyi en Mama Rhandu en Nsovu probeer om saam die beet uit te trek. Hulle trek en trek en trek, maar hulle kry nie die groot beet uitgetrek nie!

“Ons het hulp nodig,” sê Nsovu. Hy roep die hond.



Boer Baloyi en Mama Rhandu, en Nsovu, en die hond probeer om saam die beet uit te trek. Hulle trek en trek en trek, maar hulle kry nie die groot beet uitgetrek nie!

“Ons het hulp nodig,” sê die hond. Hy roep die kat.



Boer Baloyi en Mama Rhandu, en Nsovu, en die hond, en die kat probeer om saam die beet uit te trek. Hulle trek en trek en trek, maar hulle kry nie die groot beet uitgetrek nie!

“Ons het hulp nodig,” sê die kat. Sy roep die muis.



Boer Baloyi en Mama Rhandu, en Nsovu, en die hond,
en die kat, en die muis probeer om saam die groot
beet uit te trek.

Hulle trek en trek en trek en trek en T-R-R-R-E-E-E-
K-K ...



En skielik kom die beet uit!

“Ek het dit reggekry!” skree die muis. “Ek het die reusagtige beet uitgetrek!”



Daardie aand op die plaas het almal saam 'n fees van groente gehad. Terwyl hulle eet, het hulle grappe gemaak en gelag oor die reusagtige beet en die sterk muis!





Lees 1

Wat sit vas in die grond?

'n Reusagtige beet.

Wie help om die beet uit te trek?

Boer Baloyi, Mama Rhandu, Nsovu, die hond, die kat en die muis.

Stel jouself die karakters in die storie voor wat trek en trek. Dink jy regtig dit was die muis wat die beet uitgetrek het? Hoekom of hoekom nie?

- Ek dink dit was die klein muisie, want almal het getrek en getrek, maar eers toe die muis bykom het dit uitgekom.

OF

- Ek dink nie dit was die muis alleen nie, want almal het gehelp. Dit was omdat almal saam help trek het dat die beet uiteindelik uitgekom het!



Lees 2

Hoekom was Boer Baloyi gelukkig?

Omdat die grond op sy plaas vrugbaar was en dit baie gereën het.

Hoe, dink jy, het die karakters gevoel toe hulle die beet uitgetrek het?

Ek dink hulle het ... gevoel.

Hoekom is dit snaaks om 'n klein muisie voor te stel wat 'n reusagtige beet uittrek?

- Omdat die sterk boer dit nie kon uittrek nie.
- Omdat twee sterk volwassenes dit nie kon uittrek nie.
- Omdat selfs Boer Baloyi, Mama Rhandu, Nsovu, die hond en die kat dit nie saam kon uittrek nie! Hoe kan 'n klein muisie dit alleen doen?
- Omdat die reusagtige beet baie groter as die klein muisie is!



VERHAAL 8

HOEKOM DIE LAMAS

HOOG WOON

Tema: Ons vertel stories



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in die Suid-Amerika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om meer te leer oor wat 'n mite is en om te verstaan waarom ons mites vertel.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- In sommige dele van Suid Amerika word lama-wol gebruik om warm klere te maak, soos hoede en truië.
- In hierdie verhaal vertel Genoveva se ouma vir haar 'n mite – 'n verhaal oor antieke lamas, wat baie lank gelede plaasvind.
- Mites word vertel om lesse te leer of dinge oor die wêreld te verduidelik.



Begripstrategie: Monitor begrip

- Wat is dit: Om jou eie begrip te kontroleer terwyl jy lees en te stop as iets nie duidelik is nie.
- Waarom ons dit gebruik: Om te besef as jy iets nie verstaan nie en dit reg te stel.
- Hoe dit help: Dit hou jou betrokke en bevorder begrip deur misverstande dadelik aan te spreek.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
101, 1	Die skaapwagter stap die volgende dag na een van die lamas. “Hoekom het julle ophou eet en hoekom staan julle net na die hemel?” vra hy. “Die gode het gesê daar is ’n vreeslike vloed op pad as straf vir die gulsige en nare mense in die vallei onder ons. Ons wag vir ons instruksies om die vrygewige en goedhartige mense van die hooglande veilig te hou,” sê die lama.	Ek het nodig om hieroor te dink. Verstaan jy hoe die lama help? Ja, die lama gee ’n waarskuwing oor die vloed. Ek voel gereed om aan te hou lees.

Genoveva sit op die vloer. Sy kyk met verwondering hoe haar ouma 'n draad spin van die wol. “Hoe doen Ouma dit?” vra sy met bewondering.

“Ons voorouers het die wol van lamas gebruik om ons vir honderde jare warm te hou. My ouma het my geleer hoe om te spin toe ek net 'n klein dogtertjie was,” antwoord haar ouma, “en binnekort sal ek jou ook leer.”

“Vertel asseblief vir my die storie oor die antieke lamas,” smeek Genoveva.

“Alweer?” lag haar ouma terwyl sy haar keel skoonmaak.



Lank, lank gelede was daar 'n tyd toe ons voorouers van die gode vergeet het. Hulle het vergeet om dankie te sê vir Inti en Quila. Inti is die Songod en Quila die Maangodin wat hulle dag en nag gegee het. Hulle het vergeet om dankbaar te wees vir Pachamama, Moeder Aarde, wat vir hulle 'n oorvloedige oes gegee het. Gedurende hierdie slegte tyd het mense gierig geword en onvriendelik teenoor mekaar begin optree.



Die enigste plek in die hele wêreld waar mense van die gode onthou het, was op die hoë pieke van die Andesgebergte. Die mense daar was dankbaar, vrygewig en vriendelik.



Eendag het die mense wat in die hooglande woon, gesien dat hulle lamas vreemd optree. In plaas daarvan om soos gewoonlik te wei, het al die lamas dag en nag na die hemel staan en staar. Die lamas het nie geëet nie. Dit het vir 'n hele paar dae so aangegaan.



Die mense wat op die hoë pieke gewoon het, het bekommerd geraak oor die gesondheid van hul kosbare lamas. Hulle het bymekaargekom om te bespreek wat hulle moet doen. “Wat gaan aan met ons lamas?” het een man hartseer gevra. “Ek is bekommerd dat hulle gaan sterf!” het ’n ander een gesê. “Hoe gaan ons warm bly sonder die wol van ons kosbare lamas?” het ’n ou vrou gevra. “Hoe gaan ons die quinoa-oes van die lande af vervoer sonder die hulp van ons kosbare lamas?” vra haar jong seun. Die mense was bekommerd oor hulle lamas en desperaat vir hulle lamas om weer na normaal terug te keer.



Uiteindelik het 'n wyse herder opgestaan. Hy het sy hande opgehou om die skare stil te kry. “Ons moet die lamas vra wat verkeerd is,” sê hy. Die mense begin giggel. Niemand het aan die eenvoudige oplossing gedink nie.



Die herder stap die volgende dag na een van die lamas. “Hoekom het julle ophou eet en hoekom staar julle net na die hemel?” vra hy.

“Die gode het gesê daar is ’n vreeslike vloed oppad as straf vir die gulsige en nare mense in die vallei onder ons. Ons wag vir ons instruksies om die vrygewige en goedhartige mense van die hooglande veilig te hou,” sê die lama.



Die volgende oggend bring die wyse herder die nuus van die lamas af. Hy kry al die mense van die hooglande bymekaar en sê: “’n Vreeslike vloed is op pad. Om veilig te wees moet ons na die hoogste grot op die hoogste piek gaan. Ons moet daar wag tot die vloed verby is.”



Toe het al die goeie mense van die hooglande en al die lamas tot by die hoogste grot op die hoogste piek geklim. Hulle was net betyds. Die volgende oggend het 'n groot vloed gekom en al die slegte mense weggespoel.



Ouma tel Genoveva van die vloer af op en dra haar bed toe.





Lees 1

Waar speel die storie af?

Die storie speel af in Peru of Bolivië, waar lamas vandaan kom.

Wat is sommige van die dinge waarmee lamas mense help?

- Hulle voorsien wol om mense warm te hou.
- Hulle dra swaar vragte.

Hoekom is die mense in die storie bekommerd wanneer hulle lamas vreemd begin optree?

- Omdat die mense lief is vir hulle lamas en nie wil hê iets slegs moet met hulle gebeur nie.
- Omdat lamas belangrike goed in hulle gemeenskappe doen en die mense hulle nodig het!
- Omdat mense bekommerd is oor hoe hulle lewe sonder lamas sal wees.
- Omdat hulle nie weet hoe hulle gaan warm bly sonder die lamas nie.
- Omdat hulle nie weet hoe hulle die oes van die lande af gaan vervoer sonder die lamas nie.



Lees 2

Hoekom hou die lamas daarvan om hoog te bly, volgens hierdie mite?

Omdat hulle die vloede onthou wat gekom en al die slegte mense weggevat het.

Het jy van die mite gehou? Hoekom of hoekom nie?

Ek het/het nie van die mite gehou, want ...

Hoekom het Genoveva se ouma hierdie storie aan haar vertel?

- Omdat Genoveva haar gevra het om die storie te vertel.
- Om Genoveva meer oor haar kultuur en voorouers te leer.
- Om Genoveva oor die belangrikheid van lamas te leer.





KWARTAAL 2

KAART VAN SUID- AFRIKA



Lenie se
eksperiment



Noord-Kaap




Isak voel
bekommerd



Wes-Kaap

Atlantiese
Oseaan





Limpopo



Geen
skyfies vir
Linda



Daan se
slegte Week

Noordwes

Mpumalanga

Gauteng

Vrystaat

KwaZulu-
Natal



Wayde maak
kerrie



Marco se
sandkasteel

Oos-Kaap

Indiese Oseaan

WÊRELDKAART





Asië

Europa

Afrika

Stille
Oseaan

Indiese
Oseaan

Australië

Antarktika

KWARTAAL 2 VERHALE



1. Wayde maak kerrie

113



2. Geen skyfies vir Linda

127



3. Marco se sandkasteel

143



4. Die koei en die Amerikaanse eland

157



5. Daan se slegte week

169



6. Isak voel bekommerd

185



7. Die eerste entstof

199



8. Lenie se eksperiment

209

VERHAAL 1

WAYDE MAAK

KERRIE

Tema: Die kos wat ons eet



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie storie sal u leerders help om te verstaan dat bestanddele se smaak en voorkoms kan verander wanneer dit gaargemaak word. Ons kan besluit of ons van kos hou of nie as ons oopkop daaroor is.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Kerrie is 'n gereg wat gemaak word met speserye, hoender of groente, en dikwels tamaties en klappermelk.
- Rou tamaties lyk en smaak anders as gaar tamaties.
- Wanneer tamaties in kerrie gemeng word, kan jy nie die individuele tamaties sien nie – dit lyk meer soos 'n sous.
- Soms besluit ons dat ons nie van iets hou nie voordat ons dit probeer het. Dan, wanneer ons dit probeer, kan ons ons keuse verander – as ons oopkop is.



Begripstrategie: Vra vrae/wonder

- Wat is dit: Om te dink aan, en vrae oor die verhaal te vra terwyl jy lees.
- Waarom ons dit gebruik: Om geïnteresseerd te bly en meer uit te vind terwyl jy lees.
- Hoe dit help: Dit hou jou aandag en help jou om die verhaal beter te verstaan. Dit help jou om te voorspel wat in die verhaal gaan gebeur.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
123, 2	“Geen wonder ek het nie geweet nie – hulle lyk nie soos tamaties wanneer hulle in kerrie is nie!” dink hy.	Ek wonder of Wayde die kerrie sal eet as hy weet dat daar tamaties in is.
125, 1	Dit was heerlik. “Miskien haat ek nie regtig tamaties nie,” sê Wayde, soos wat hy nog ’n hap skep.	Ek wonder of Wayde van besluit gaan verander oor tamaties, noudat hy weet dat dit ’n bestanddeel in kerrie is. Hy hou mos baie van kerrie!

Wayde het dit altyd gehaat om tamaties te eet.
“Ek sal nooit tamaties eet nie!” het hy aangekondig
terwyl sy ma ’n blikkie tamaties van die rak afhaal en
in die trolle sit.



“Sal jy daarvan hou om my te help om kerrie te maak?” vra Wayde se ma terwyl sy die inkopies uitpak. “O, ja! Ek is mal oor kerrie!” antwoord Wayde. Dit was die eerste keer wat hy sy ma gaan help om kerrie te maak.



“Eers moet ons al die droë speserye saam rooster in ’n pan,” verduidelik Wayde se ma. “Speserye is wat ons kerrie so heerlik laat smaak! Tel vyf van hierdie kardemonpeule uit,” sê sy vir Wayde. Wayde neem vyf kardemonpeule uit die houer en sit dit op die toonbank neer. Sy ma druk dit fyn en sit dit in die warm pan, saam met die koljander- en komynsaad. Heerlike geure vul die kombuis.



Wayde se ma sit die geroosterde speserye in die vysel en laat Wayde die stamper gebruik om die speserye tot 'n poeier te maal.



Volgende sit Wayde se ma olie in die pan. Toe die olie warm genoeg is, sit sy stukkies hoender in die olie.

“Sal jy vir my gemmer rasper?” vra sy en gee vir Wayde die rasper en ’n stuk vars gemmer.



Wayde rasper terwyl sy ma knoffel en uie kap.

Gou gou is die hoender klaar gebraai. Die velletjie is bros en bruin. Wayde se maag begin grom. Wayde se ma sit die hoender op ’n bord.

“Ons sal hierdie aan die einde terug sit in die kerrie,” verduidelik sy.



Toe sit Wayde se ma die uie en knoffel in die warm pan. Sy laat Wayde die uie en knoffel met 'n lang houtlepel roer.



Na 'n paar minute, voeg sy die speserye, gemmer en 'n bietjie water in die pan. Die kombuis ruik selfs lekkerder as vroeër. Wayde se mond begin water.



Wayde se ma haal die pan van die stoof af en krap die speserymengsel in die versapper. Toe laat sy Wayde die knoppie op die versapper druk totdat die mengsel 'n dik pasta gevorm het.

Wayde se ma sit die hoender terug in die pan. Toe voeg sy die pasta uit die versapper by. “Ek is so honger!” sê Wayde en lek sy lippe. “Ek kan nie wag om ons heerlike kerrie te eet nie!”



Volgende maak Wayde se ma die blikkie tamaties oop. “Waarvoor is dit?” vra Wayde. “Ek haat tamaties! Ons kan nie tamaties in die kerrie sit nie!” snak Wayde na sy asem.

Wayde se ma begin lag. “Wayde jy was nog altyd mal oor kerrie – en kerrie het altyd tamaties in,” sê sy. Wayde kyk met afgryse hoe sy die tamaties in die pan sit.



Uiteindelik maak Wayde se ma 'n blikkie klappermelk oop. “Wil jy dit ingooi?” vra sy. Wayde gooi versigtig die klappermelk in. Hy kyk hoe die melkerige wit vloeistof die tamaties bedek.



“Geen wonder ek het nie geweet nie – hulle lyk nie soos tamaties wanneer hulle in kerrie is nie!” dink hy.

Wayde se ma sit die deksel op die pan en draai die hitte stadiger. “Dit moet nou 'n bietjie prut. Ek sal jou roep wanneer dit gereed is,” sê sy.

Terwyl Wayde sy huiswerk doen, grom sy maag en sy mond water. “Kerrie het tamaties in! Hoe gaan ek dit kan eet? Ek haat tamaties!” dink Wayde verward.



“Wayde, kom proe die kerrie!” roep sy ma uiteindelik en hou ’n bakkie na hom uit. Wayde probeer dit langtand. Toe die kerrie sy tong tref helder sy oë op. Dit was heerlik. “Miskien haat ek nie regtig tamaties nie,” sê Wayde, soos wat hy nog ’n hap skep.





Lees 1

Watter kos het Wayde aan die begin van die storie gehaat?

Wayde het tamaties gehaat.

Watter bestanddeel het Wayde in die pan gegooi na die tamaties?

Hy het klappermelk in die pan gegooi.

Hoe het Wayde gedurende die storie verander?

- Hy het gedink hy haat tamaties, maar later het hy besef dit is nie so sleg nie.
- Hy het gesê hy sal nooit tamaties eet nie, maar toe het hy die kerrie met die tamaties in geëet.
- Hy was nie van plan om die kerrie te eet nie, maar toe het hy besluit om dit wel te eet.
- Hy het sy opinie oor tamaties verander.



Lees 2

Waaroor het Wayde sy opinie verander?

Hy het sy opinie verander of hy tamaties gaan eet.

Kan jy aan 'n keer dink wat jy, net soos Wayde, van plan verander het?

Ek het van plan verander oor ...

Hoekom dink jy het Wayde se ma hom gevra om haar te help om die kerrie te maak?

- Miskien wou sy hulp hê om te kook.
- Miskien wou sy hê Wayde moet weet watter bestanddele kom in kerrie.
- Miskien omdat Wayde mal daaroor is om kerrie te eet, so sy wou hê hy moet weet hoe om kerrie te maak.
- Miskien het sy gedink Wayde sal sy opinie oor tamaties verander as hy weet dit is in die kerrie waaroor hy so mal is.
- Miskien het sy gedink dit sal snaaks wees as Wayde besef dat tamaties een van die bestanddele is in een van sy gunstelingdisse – selfs al haat hy tamaties!

VERHAAL 2

GEEN SKYFIES

VIR LINDA

Tema: Die kos wat ons eet



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie storie sal u leerders help om meer te leer oor gesonde en ongesonde kossoorte.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Sommige kossoorte smaak lekker, maar gee nie ons liggaam wat dit nodig het om sterk te groei nie.
- Skyfies is byvoorbeeld 'n verwerkte peuselhappie. Dit word gemaak om heerlijk te smaak, maar dit bevat baie sout en vet. Skyfies help ons nie om baie lank versadig te bly nie.
- Ander kosse, soos eiers, vis en grondboontjies, bevat iets wat ons proteïene noem. Proteïene is 'n voedingstof in sommige kossoorte, wat help om spiere te bou en wat ons langer versadig hou.
- Ons moet dink aan die kossoorte wat ons eet, sodat ons liggaam die voedingstowwe kry wat dit nodig het om gesond en sterk te kan bly.



Begripstrategie: Visualiseer

- Wat is dit: Om 'n denkkeeldige prentjie te vorm van wat in die verhaal gebeur.
- Waarom ons dit gebruik: Om die verhaal meer werklik en interessant te laat voel.
- Hoe dit help: Dit help jou om te verstaan hoe die karakters en plekke lyk en maak die verhaal duideliker.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
130, 1	“Hoekom gee jy dit vir haar?” vra tannie Sandra.	Ek kan my voorstel hoe tannie Sandra verbaas lyk toe Linda se pa vir haar ’n pakkie skyfies gee!
132, 2	Net toe, stap twee meisies van Graad 4 verby, hulle lag en knyp hulle neuse toe. “Jy ruik aaklig!” skree een van die meisies. Linda sit vinnig die sakkie met vissies terug in haar sak.	Ek kan my voorstel hoe Linda vinnig probeer om haar vis weg te steek! Sy voel seker baie skaam.

Linda stap die kombuis binne, reg vir skool. Haar pa sit by die tafel saam met sy suster, sy kuier uit Maputo. Linda se pa kyk na die horlosie. “Dit is tyd vir jou om te gaan!” sê hy. Hy maak die kombuiskas oop en gee vir Linda ’n pakkie oranje skyfies om aan te peusel.



“Hoekom gee jy dit vir haar?” vra tannie Sandra. “Jy weet dit is ongesond Louis!” Linda se pa kyk verras na sy suster.

“Alle kinders eet dit!” sê hy.

“Nee, Louis! Jy moet vir Linda ’n proteïen gee om aan te peusel! Dit sal haar help om beter te fokus in die klas. Dit sal haar ook vir langer laat versadig voel!”

“Wel, ons het nie so iets as ’n peuselhappie nie!” antwoord Linda se pa.



Tannie Sandra steek haar hand in haar handsak en haal 'n plastiese sakkie met klein droë vissies uit. “Hierdie is heerlik en gesond!” sê haar tannie, sy gee die pakkie vir Linda en neem die skyfies terug.



Met pouse, haal Linda haar sakkie met vissies uit en begin om dit te eet. “Mmm! Hierdie is heerlik,” dink sy.

Net toe, stap twee meisies van Graad 4 verby, hulle lag en knyp hulle neuse toe. “Jy ruik aaklig!” skree een van die meisies. Linda sit vinnig die sakkie met vissies terug in haar sak.



Na skool gee Linda die klein gedroogde vissies terug vir tannie Sandra. “Die ander meisies sê ek stink wanneer ek hierdie eet,” sê Linda. “Ek wil dit nooit weer skool toe neem nie.”



Die volgende oggend vra Linda haar pa vir 'n pakkie skyfies om saam te neem skool toe. Hy maak die kombuiskas oop en gee vir haar 'n pakkie.



‘Hoekom gee jy dit vir haar?’ vra tannie Sandra.
“Ek het vir jou gesê dit is ongesond Louis! Jy moet vir Linda ’n proteïen gee as ’n peuselhappie!” Tannie Sandra kyk rond in die kombuis. Daar is ’n pot op die stoof met eiers wat gekook is. “Gekookte eiers is heerlik! En dit is gesond!” sê haar tannie, sy gee vir Linda ’n eier en neem haar skyfies terug.



Pouse, dop Linda haar eier af en begin om dit te eet.
“Mmm! Hierdie is heerlik,” dink sy.

Net toe, stap twee seuns van Graad 5 verby en lag en maak hoesgeluide. “Dit ruik aaklig!” skree een van die seuns. Linda sit vinnig die gekookte eier terug in haar sak.



Na skool gee Linda die eier terug vir tannie Sandra.
“Die seuns sê ek stink wanneer ek dit eet,” sê Linda.
“Ek wil nooit weer gekookte eiers saamneem skool
toe nie,” sê Linda. Toe hardloop sy buitentoe om te
gaan speel.



'n Paar minute later roep tannie Sandra vir Linda.
“Linda, om gesond te eet is belangrik!” sê sy. “Vis en gekookte eiers is goed vir jou. Dit maak jou lyf sterk en help jou brein om te fokus! Ek verstaan dat dit moeilik is om gespot te word. Kom ons kry vir jou 'n peuselhappie wat proteïene bevat, maar wat nie na iets slegs ruik nie,” sê tannie Sandra.



“Wat van grondboontjies?” vra tannie Sandra, sy kyk rond op die erf. “Jou ouers het baie grondboontjiesbosse op die erf, dit is baie goed vir jou.”

“O ja!” sê Linda. “Ek is mal oor grondboontjies en hulle ruik nie sleg nie! Ek sal grondboontjies skool toe neem en ek sal eiers en vis eet wanneer ek by die huis is. Dankie tannie!”



Die volgende dag met pouse, haal haar sakkie met grondboontjies uit en sy begin om dit te eet. Sy kyk benoud rond, maar niemand spot haar nie en sy eet haar heerlike grondboontjies.





Lees 1

Wat sê tannie Sandra moet Linda eet?

Sy sê sy moet proteïene eet.

Wat neem tannie Sandra weg van Linda?

Sy neem die pakkie skyfies weg.

Watter proteïen groei in Linda se agterplaas?

Grondboontjies

Kan jy 'n denkbeldige prentjie van Linda gedurende pouse maak? Hoekom wil Linda nie meer vis of eiers skool toe bring nie?

- Omdat sy gespot word.
- Omdat sy nie kos wil skool toe neem waaroor sy gespot word nie.
- Omdat die ander kinders by die skool haar spot oor vis en eiers, want dit ruik nie lekker nie.
- Omdat sy hartseer is wanneer sy gespot word.



Lees 2

Wat is die drie kosse in die storie wat proteïene bevat?

Gedroogde vis, eiers en grondboontjies.

Oor watter van die kosse is Linda gespot omdat sy dit geëet het?

Droë vis en eiers.

Hoe dink jy voel Linda wanneer sy gespot word?

Ek dink sy voel ...

Stel jouself voor hoe Linda grondboontjies eet tydens pouse! Hoekom het Linda uiteindelik besluit om grondboontjies as haar peuselhappie te neem?

- Omdat sy gespot is toe sy vis en eiers geneem het. Sy wou nie weer daardie peuselhappies neem nie, selfs al is dit gesond.
- Omdat haar ouers grondboontjiebosse op hulle erf het.
- Omdat sy van grondboontjies hou!
- Omdat sy na haar tannie luister en verstaan dat sy 'n peuselhappie met 'n proteïen moet eet, eerder as skyfies.



VERHAAL 3

MARCO SE SANDKASTEEL

Tema: Ons maats



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie storie sal u leerders help om te verstaan dat hulle kan kies om weer te probeer wanneer iets verkeerd gaan.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Hierdie storie speel op die strand af.
- Die strand is waar die land die see ontmoet. Die grond is bedek met sand. Golwe seewater beweeg in en uit oor die sand. Mense hou daarvan om in die sand te speel en in die water te swem.
- Een ding wat mense graag op die strand doen, is om sandkastele te bou.
- Mense gebruik emmers en grawe om sandkastele te bou. Mense gebruik ook items wat op die strand gevind word, soos skulpe en stokke, om hul kastele te versier.
- 'n Grag is 'n sloot om 'n kasteel. Lank gelede het regte kastele gragte gehad wat met water gevul was om vyande uit te hou. Marco kopieer daardie idee vir sy sandkasteel se grag.



Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenis en weggesteekte/verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
148, 1	Toe hulle uiteindelik by die strand kom, begin Marco dadelik in die sand grawe. Hy skep die sand in sy nuwe emmertjie. Toe gebruik hy sy emmertjie om torings vir sy sandkasteel te bou. Hy gebruik stokkies om vlaggies te maak om bo-op die torings te sit. Hy gebruik klein wit skulpies om vensters mee te maak. Hy grawe 'n grag rondom die kasteel. Toe maak hy die grag vol seewater.	Marco lyk soos 'n kenner. Ek kan aflei dat dit nie die eerste sandkasteel is wat hy al ooit gebou het nie, want hy weet presies wat om te doen!
152, 4	Toe gee sy vir Marco 'n perfekte pers seester. "Ek het dit vir jou gebring om jammer te sê ..., " sê sy.	Ek kan aflei dat die meisie met die geel bal nie bedoel het om Marco se eerste kasteel af te breek nie, want sy het teruggekom met 'n geskenk om jammer te sê.

Vandat Marco se ma vir hom gesê het dat hulle vir die somervakansie see toe gaan, kan hy net dink aan hoe hy sandkastele gaan bou.


Marco dink aan spoggerige sandkastele. Marco dink daaraan om sandkastele te bou met gragte, gevul met seewater.



Marco en sy ma gaan doen inkopies om alles te kry wat hulle by die strand gaan nodig kry. Terwyl hulle in die ry staan en wag om te betaal, sien Marco 'n emmertjie en 'n grafie. “Mamma, kan ek dit asseblief kry?” smeeek hy, “Asseblief! Asseblief!”



Die volgende dag staan Marco en sy ma vroeg op en loop na die taxi-staanplek toe. Hulle ry vir ure en ure, totdat Marco die see in die verte kan sien!



Toe hulle uiteindelik by die strand kom, begin Marco dadelik in die sand grawe. Hy skep die sand in sy nuwe emmertjie. Toe gebruik hy sy emmertjie om torings vir sy sandkasteel te bou. Hy gebruik stokkies om vlaggies te maak om bo-op die torings te sit. Hy gebruik klein wit skulpies om vensters mee te maak. Hy grawe 'n grag rondom die kasteel. Toe maak hy die grag vol seewater.




Marco staan terug om na sy goeie werk te kyk. Hy draai om om sy ma te roep. “Mamma,” roep hy, “kom kyk!” Marco draai terug, net betyds om te sien hoe ’n meisie haar geel bal teen sy sandkasteel vasskop. Die hele sandkasteel val inmekaar.



Die meisie draai om en hardloop weg. Marco bly agter met net 'n groot hoop sand.


“Haai,” skree hy, “jy het my sandkasteel gebreek!” Die meisie draai nie om nie. Sy hardloop net af teen die strand.



Marco hardloop na sy ma toe. “Daardie meisie het my sandkasteel gebreek!” sê Marco.

“Kom ons bou ’n nuwe een,” sê sy ma. Marco en sy ma begin in die sand grawe. Hulle gebruik die emmertjie om torings te maak. Hulle maak selfs meer torings as Marco se eerste sandkasteel. Hulle gebruik stokkies vir vlaggies. Die vlaggies is selfs groter as die vlaggies van die eerste sandkasteel. Hulle gebruik groot wit skulpe vir die vensters. Toe grawe hulle ’n grag rondom die kasteel.

Die grag is selfs dieper as die vorige een. Hulle gebruik die emmertjie om die grag vol seewater te maak. Toe bou hulle ’n brug oor die grag.



Marco en sy ma staan terug om na hulle werk te kyk.

“Sjoe, hierdie sandkasteel is selfs mooier as jou eerste een!” sê ’n meisiestem.

Marco draai om. Die meisie met die geel bal staan agter hom.

Toe gee sy vir Marco ’n perfekte pers seester. “Ek het dit vir jou gebring om jammer te sê ...,” sê sy.



Marco sit die seester bo-op die sandkasteel. “Kyk,” sê hy, “nou is dit die beste sandkasteel ooit!”

Die meisie glimlag en knik haar kop. “Ek is Linda,” stel sy haarself voor. “Sal jy vir my wys hoe om een te bou?” vra sy en sit haar bal op die sand neer.



“Eers moet ons die emmertjie vol sand maak!” sê Marco. Marco en Linda begin om te grawe. Linda neem ’n groot skep sand en toe kruip ’n klein krabbie uit! Linda skrik, maar Marco dink dit is baie snaaks! Gou-gou begin Linda ook te lag. Binne minute rol die twee nuwe maats op die sand rond en lag. Hulle vergeet heeltemal van die sandkasteel toe hulle hardloop om hulself in die branders af te spoel.



“Wat het jy vandag die meeste geniet?” vra Marco se ma hom later die aand. “Wel, die sandkasteel was mooi, maar die beste deel was om maats met Linda te maak,” sê Marco met ’n glimlag. “Ek kan nie wag om haar weer môre op die strand te sien nie!”





Lees 1

Wie het Marco se sandkasteel omgestamp?

Linda.

Hoe kan ons aflei dat Linda jammer was?

Omdat sy vir Marco 'n seester gebring het.

Hoekom het Marco se ma hom gehelp om 'n sandkasteel te bou?

- Omdat sy eerste sandkasteel omgestamp is.
- Omdat hy ontsteld was nadat sy sandkasteel omgestamp is.
- Omdat sy hom beter wou laat voel.
- Omdat twee mense saam 'n beter sandkasteel kan bou as een mens op sy eie.



Lees 2

Wat wou Marco by die strand doen?

Hy wou sandkastele bou.

Wat het Marco die meeste van die strand geniet?

Hy het dit geniet om maats met Linda te maak.

Hoekom dink jy was sy gunstelingding van die strand om maats met Linda te maak?

- Omdat dit pret is om 'n nuwe maat te maak.
- Omdat hy meer pret gehad het om 'n sandkasteel saam met haar te bou as wat hy gehad het om op sy eie of saam met sy ma te bou.
- Omdat hy dit geniet het om saam met Linda te lag.
- Omdat dit meer pret was om saam met Linda te speel as wat dit was om sandkastele te bou.

VERHAAL 4

DIE KOEI EN DIE AMERIKAANSE ELAND

Tema: Ons maats



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is gebaseer op feite.
- Dit speel af in Vermont, 'n staat in die Verenigde State van Amerika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie storie sal u leerders help om meer te leer oor verskillende soorte vriendskappe – en van 'n ongewone vriendskap tussen 'n koei en 'n Amerikaanse eland.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Hierdie storie speel af in Vermont, 'n klein staat in die Verenigde State van Amerika. Vermont is bekend vir pragtige berge, esdoringstroop, en vir die baie suiwelplase.
- In hierdie storie sal jy lees van 'n koei, 'n dier wat jy reeds goed ken, en 'n Amerikaanse eland.
- Jy het dalk nog nooit van 'n Amerikaanse eland gehoor nie! Hulle word slegs in Noord-Amerika gevind. Hulle is soos enorme bokke.
- Koeie woon gewoonlik op plase. Amerikaanse elande woon gewoonlik in die natuur – weg van mense af.



Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenis en weggesteekte/verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
160, 2	Inderdaad, 'n langbeen Amerikaanse eland met massiewe horings staan in sy weiveld. "Wat maak 'n Amerikaanse eland hier?" wonder Boer Abbott.	Ek kan aflei dat dit skaars moet wees om 'n Amerikaanse eland te sien, want Boer Abbott het nog nooit een gesien nie.
161, 1	Die meeste van die koeie staan 'n redelike afstand vanaf die Amerikaanse eland, hulle lyk nuuskierig en selfs 'n bietjie bang. Almal behalwe sy vriendelikste, gunstelingkoei, Daisy. Sy stap reguit na die Amerikaanse eland toe. Hulle kyk na mekaar asof hulle ou vriende is. Toe begin hulle langs mekaar wei. Boer Abbott kan nie sy oë glo nie.	Ek kan aflei dat dit vreemd is vir 'n koei en 'n Amerikaanse eland om vriende te maak, omdat die meeste koeie ver van die Amerikaanse eland af gebly het en omdat Boer Abbott sy oë nie kon glo nie!

Vroeg een mistige oggend ry Boer Abbott op sy plaaspad. Hy kyk hoe wei die koeie in die sneebedekte weivelde. Skielik stop hy, want hy sien die vreemdste ding ...



“Is dit ... ’n Amerikaanse eland?” sê hy hardop, selfs al is hy alleen. Hy het nog nooit vantevore ’n Amerikaanse eland op sy plaas gesien nie, en omdat dit mistig was, was hy nie heeltemal seker nie. Hy klim uit sy bakkie en stap na die heining toe.

Inderdaad, ’n langbeen Amerikaanse eland met massiewe horings staan in sy weiveld. “Wat maak ’n Amerikaanse eland hier?” wonder Boer Abbott.



Die meeste van die koeie staan 'n redelike afstand vanaf die Amerikaanse eland, hulle lyk nuuskierig en selfs 'n bietjie bang. Almal behalwe sy vriendelikste, gunstelingkoei, Daisy. Sy stap reguit na die Amerikaanse eland toe. Hulle kyk na mekaar asof hulle ou vriende is. Toe begin hulle langs mekaar wei. Boer Abbott kan sy oë nie glo nie.



Boer Abbott klim in sy bakkie en ry terug huis toe. Toe hy by die huis kom sit hy sy wiegstoel voor die venster neer. Hy sit en wieg en wieg en kyk hoe die koei en die Amerikaanse eland saam wei totdat die son sak.



Soos wat die koeie in die skuur begin inloop, staan die Amerikaanse eland buite en kyk, hy lyk nuuskierig en skepties. Die Amerikaanse eland gaan lê uiteindelik buite die skuur. Toe gaan lê Daisy langs hom. Gou-gou is Daisy en die Amerikaanse eland vas aan die slaap. Boer Abbott kan sy oë nie glo nie.



Toe Boer Abbott in sy wiegstoel wakker word, kyk hy in ongeloof hoe die Amerikaanse eland en Daisy saam teen die heining af stap. Boer Abbott glimlag wanneer hy dink aan wat die twee met mekaar gesels.



Boer Abbott klim op sy trekker en gaan aan met sy gewone oggendtake. Eerste gaan melk hy die koeie in die skuur. Toe gaan hy om die hoenders kos te gee. Toe hy gaan om nog hooi te gaan haal, sien hy die Amerikaanse eland en Daisy onder by die hoofpad.



Soos hy met sy trekker aangery kom, sien hy hoe verskeie motors langs die heining stop. 'n Skare het bymekaar gekom en opgewonde vir Daisy en die Amerikaanse eland dopgehou. Dit was nie lank nie, toe stop 'n televisiespan om die ongewone vriendskap af te neem. Boer Abbott kon sy oë nie glo nie.

“Hoe lank is die twee reeds maats?” vra die verslaggewer nuuskierig vir Boer Abbott.



Daardie aand skuif Boer Abbott sy wiegstoel voor die televisie. Daar op die nuus is sy plaas. Daisy die koei en die Amerikaanse eland was sterre! Boer Abbott kon sy oë nie glo nie.

Hy het gehoop dat die Amerikaanse eland en Daisy vir altyd maats kan wees.





Lees 1

Wie het maats geword in die storie?

Daisy die koei en die Amerikaanse eland het maats geword.

Wat het Daisy en die Amerikaanse eland saam gedoen?

- Hulle het saam gewei.
- Hulle het saam langs die skuur geslaap.
- Hulle het saam teen die heining afgestap.

Hoekom kon Boer Abbott sy oë nie glo nie?

- Omdat hy nog nooit vantevore 'n Amerikaanse eland op sy plaas gesien het nie.
- Omdat hy nog nooit gehoor het van 'n Amerikaanse eland en 'n koei wat maats word nie.
- Omdat hy verbaas was dat Daisy die koei en die Amerikaanse eland saam buite geslaap het.
- Omdat so baie mense gestop het om na Daisy die koei en die Amerikaanse eland te kyk.
- Omdat sy plaas op die nuus was.



Lees 2

'n Amerikaanse eland is nie 'n Suid-Afrikaanse dier nie. Watter Suid-Afrikaanse dier sal 'n ongewone maat vir 'n koei wees?

Ek dink 'n ... sal 'n baie ongewone maat vir 'n koei wees.

Hoe kan jy aflei dat dit ongewoon is vir 'n koei en 'n Amerikaanse eland om maats te wees?

Ek kan dit aflei, want ...

- Boer Abbott kon sy oë nie glo nie.
- Boer Abbott het hulle dag en nag dopgehou.
- 'n Skare mense het na die ongewone vriendskap kom kyk.
- Die koei en die Amerikaanse eland se vriendskap was op die nuus.


Hoekom was Daisy en die Amerikaanse eland op die nuus?

- Omdat mense verbaas was om te sien hoe 'n koei en 'n Amerikaanse eland maats kan word.
- Omdat dit ongewoon is vir 'n koei en 'n Amerikaanse eland om maats te word.
- Omdat soveel mense geïnteresseerd was in hierdie ongewone vriendskap.

VERHAAL 5

DAAN SE SLEGTE WEEK

Tema: Ons het gevoelens



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie storie sal u leerders help om te verstaan dat almal foute maak, en dat sommige weke moeiliker voel as ander.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Hierdie storie is bedoel om snaaks te wees. Dit is bedoel om vir ons 'n belangrike boodskap te stuur, maar ook om ons te laat lag.
- Herinner leerders daaraan dat ons gedurende die week skool toe kom (Maandag, Dinsdag, Woensdag, Donderdag en Vrydag). Ons het nie skool oor die naweek nie (Saterdag en Sondag).
- Op elke skooldag volg ons 'n roetine.
- Byvoorbeeld, ons word wakker, trek aan, pak ons skooltas en kom betyds skool toe. As ons iets vergeet, kan dit probleme veroorsaak.
- Om georganiseerd te wees kom met oefening. Dit is nie altyd maklik nie!
- Hierdie storie het 'n patroon – dieselfde ding gebeur met Daan! Hy probeer elke dag om sy fout van die vorige dag reg te maak, maar iets anders bly verkeerd gaan.



Begripstrategie: Maak verbindings

- Wat is dit: Om te dink aan hoe die verhaal verband hou met jou eie lewe, ander boeke, of die wêreld.
- Waarom ons dit gebruik: Om die storie beter te verstaan deur dit te verbind aan dinge wat ons reeds ken.
- Hoe dit help: Dit maak die verhaal meer betekenisvol en makliker om te onthou.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
172, 1	Arme Daan het sy skooltas op die bus vergeet! Toe hy by sy klas kom het hy net sy sokkerbal by hom.	Ek kan 'n konneksie maak! Dis soos 'n paar weke gelede, toe ek my sak by die huis gelos het! Ek het so simpel gevoel omdat ek alles wat ek nodig gehad het, by die huis gelos het!
174, 1	Woensdag is Daan betyds wakker. “Vandag moet ek my skooltas onthou,” dink Daan soos hy op die bus klim. Hy hou die heeltyd op die bus sy tas vas. Hy ry en ry, maar Daan is op die verkeerde bus! Die bus neem hom na die verkeerde skool.	Ek kan 'n konneksie maak! Eenkeer was ek op 'n trein en het aan die slaap geraak. Toe ek wakker geword het, het ek die plek waar ek moes afklim gemis. Ek was op die verkeerde plek! Ek was so kwaad vir myself omdat ek op die verkeerde plek was!

Arme Daan het 'n slegte week. Hy het Maandagoggend laat wakker geword, toe mis hy sy bus en is laat vir skool.



“Hoekom is jy laat, Daan?” vra sy juffrou.




Dinsdag staan Daan vroeg op sodat hy nie weer die bus mis nie. O, wee! Arme Daan het sy skooltas op die bus vergeet! Toe hy by sy klas kom het hy net sy sokkerbal by hom.





“Waar is jou skooltas, Daan?” vra sy juffrou.

Woensdag is Daan betyds wakker. “Vandag moet ek my skooltas onthou”, dink Daan soos hy op die bus klim. Hy hou die heeltyd op die bus sy tas vas. Hy ry en ry, maar Daan is op die verkeerde bus! Die bus neem hom na die verkeerde skool.





“Waar is Daan vandag?” vra sy juffrou.

Donderdag kan Daan nie sy skoolklere kry nie.

“Ons het swem op ’n Donderdag,” dink Daan.

Daan besluit om sy swemklere aan te trek skool toe.





Waar is jou skoolklere, Daan?” vra sy juffrou.


Vrydag staan Daan baie vroeg op. Hy het sy skoolklere aan, hy het sy skooltas by hom en hy klim op die regte bus. Hy daag so vroeg by die skool op, dat dit nog pikdonker is.

“Ek het uiteindelik alles reg gedoen!” dink Daan. Arme Daan is so moeg, hy raak in die klas aan die slaap.






“Hoekom slaap jy, Daan?” vra sy juffrou.



Saterdag gaan Daan betyds skool toe, in sy skoolklere met sy skooltas.

“Vandag gaan ek dit regkry!” dink hy. “Ek gaan die hele dag wakker bly!” Toe hy by die skool kom, is die hek gesluit.



“Ek is so laf! Daar is mos nie skool op Saterdag nie!” sê Daan.





Sondag gaan Daan na sy niggie se verjaardagpartytjie toe. Hy is so opgewonde, dat sy voet vashaak en hy op die koek val.

“Agge nee!” dink Daan.
“Wat ’n slegte week! Ek hoop volgende week is beter.”





Lees 1

Hoekom het Daan 'n slegte week gehad?

- Hy het sy bus gemis en was laat.
- Hy het sy skooltas vergeet.
- Hy het na die verkeerde skool gegaan.
- Sy juffrou was kwaai met hom.
- ens.

Wanneer het Daan op die koek geval?

Hy het Sondag, by sy niggie se verjaardagpartytjie, op die koek geval.

Hoekom het Daan probeer om op 'n Saterdag skool toe te gaan?

- Elke dag het iets slegs met Daan gebeur.
- Daan wou graag 'n goeie dag by die skool hê.
- Daan wou 'n dag sonder foute by die skool hê.
- Daan was so vasbeslote om 'n goeie dag by die skool te hê, dat hy vergeet het daar is nie skool op Saterdag nie.



Lees 2

Waarheen het Daan Saterdag gegaan?

Hy het skool toe gegaan!

Kan jy 'n verbinding maak: Wanneer het jy soos Daan gevoel?

Ek het soos Daan gevoel toe ...

Hoekom het Daan 'n slegte week gehad?

- Niemand het gesien hoe hard Daan probeer het om die regte ding te doen nie.
- Hy het aangehou om foute te maak, selfs al het hy hard probeer om dit reg te maak!
- Hy was skaam.
- Hy het laf gevoel.
- Hy was knorrig.

VERHAAL 6

ISAK VOEL BEKOMMERD

Tema: Ons het gevoelens



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie storie sal u leerders help om beter te verstaan dat bedagsame daade van liefde en vriendelikheid selfs meer betekenisvol is as duur geskenke.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Soms voel ons sonder rede bekommerd oor iets.
- Op verjaarsdae gee ons dikwels geskenke om vir iemand te wys dat ons vir hulle lief is en hulle waardeer.
- Soms dink ons dat 'n groot, duur geskenk die beste geskenk is. Maar soms is die spesiaalste geskenke dié wat ons self maak.
- Soms huil mense wanneer hulle gelukkig voel.
- Om liefde te gee en te wys dat jy omgee, kos nie geld nie – net moeite.



Begripstrategie: Maak verbindings

- Wat is dit: Om te dink aan hoe die verhaal verband hou met jou eie lewe, ander boeke, of die wêreld.
- Waarom ons dit gebruik: Om die verhaal beter te verstaan deur dit te verbind aan dinge wat ons reeds ken.
- Hoe dit help: Dit maak die verhaal meer betekenisvol en makliker om te onthou.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
190, 1	“Isak lê in die bed en voel bekommerd. “Wat kan ek vir my mamma kry vir haar verjaarsdag?”	Ek kan ’n konneksie maak. Wanneer ek bekommerd voel, sukkel ek dikwels om te slaap – net soos Isak
191, 1	Isak word die volgende oggend vroeg wakker en voel bekommerd. Hy maak twee koppies tee – een vir homself en een vir Mamma.	Ek kan ’n konneksie maak! Wanneer ek iets spesiaals vir iemand wat ek liefhet wil doen, maak ek graag vir hulle ’n maaltyd. Dit is nie ’n geskenk nie – maar dit is iets wat ek doen om te wys dat ek vir hulle omgee.

Isak word wakker met die maan wat helder buite sy kamervenster skyn. Hy voel baie dors.



Hy strek en klim uit die bed uit. Soos hy kombuis toe loop, hoor hy sy mamma se stem.

“Ek kan nie glo dit is alweer môre my verjaarsdag nie. Die tyd gaan so vinnig verby. O wel, dit is seker maar net nog ’n dag,” sê sy.


“Ag nee!” dink Isak. “Môre is dit Mamma se verjaarsdag en ek het niks spesiaal om vir haar te gee nie!”

Hy vergeet skoon om vir hom ’n glas water te kry.



Isak lê in die bed en voel bekommerd. “Wat kan ek vir my mamma kry vir haar verjaarsdag?”

Sy mamma gee altyd vir hom iets spesiaal vir sy verjaarsdag. Hy wil regtig graag dieselfde vir haar doen, maar hy het nie geld nie.



Isak word die volgende oggend vroeg wakker en voel bekommerd. Hy maak twee koppies tee – een vir homself en een vir Mamma.

Mamma kom by die kombuis in. “Gelukkige verjaarsdag!” sê hy en gee vir haar die koppie tee.

Sy mamma lyk eers verbaas, maar dan glimlag sy.



Isak voel die hele dag by die skool steeds bekommerd. “Wat kan ek vir my mamma kry vir haar verjaarsdag?”

Pouse haal hy ’n skoon bladsy uit en maak vir sy mamma ’n verjaarsdagkaartjie.

Hy skryf binne-in: Gelukkige verjaarsdag, Mamma. Mamma is die beste. Ek is jammer ek het nie ’n spesiale geskenk vir Mamma nie. Ek wens ek kon vir Mamma die grootste geskenk kry. Ek is baie lief vir Mamma. Met liefde van Isak.





Terwyl Isak huis toe stap dink hy steeds: “Wat kan ek vir Mamma vir haar verjaarsdag kry?” Hy voel baie hartseer omdat hy nie vir haar ’n groot en spesiale geskenk het nie.

Hy gee vir Mamma haar kaartjie toe sy by die huis aankom. Haar oë is vol trane terwyl sy lees.

Isak dink sy moet hartseer wees omdat daar geen groot en spesiale geskenk vir haar was nie. Hy gaan maak toe maar reg om bed toe te gaan.



“Dankie Isak! Jy het my verjaarsdag so spesiaal gemaak!” fluister Mamma terwyl sy langs Isak op die bed gaan sit.

“Maar ... ek het nie eers vir Mamma ’n spesiale geskenk gekry nie!” antwoord Isak.

“Ag Isak – jy het vir my iets baie meer waardevol en spesiaal gegee as enigiets wat jy in die winkel kon koop,” sê Mamma. “Jy het vanoggend vir my tee gemaak in my gunstelingkoppie. Daarna het jy self vir my die mooiste kaartjie gemaak. Dit is die beste geskenke waarvoor ek ooit kon vra.”

Isak glimlag en sug van verligting toe Mamma hom saggies op die voorkop soen.





Lees 1

Wie het op die telefoon gepraat?

Isak se ma het op die telefoon gepraat.

Wat het Isak sy ma hoor sê?

Hy het gehoor toe sy mamma sê dat dit môre haar verjaarsdag is.

Wat het Isak die oggend vir sy mamma gemaak?

Hy het vir sy mamma 'n koppie tee gemaak.

Hoekom was Isak se mamma verras?

- Sy was verras omdat Isak vir haar 'n koppie tee gemaak het.
- Sy was verras omdat Isak vir haar geluk gesê het met haar verjaarsdag.
- Sy was verras omdat sy nie gedink het dat Isak weet dat dit haar verjaarsdag is nie.



Lees 2

Hoekom het Isak wakker geword?

Hy het wakker geword, want hy was dors.

Hoekom kon Isak nie slaap nie?

Hy was bekommerd. Soms is dit moeilik om te slaap as jy bekommerd is.

Watter geskenke het Isak vir sy mamma gegee?

- Hy het vir haar 'n koppie tee gemaak.
- Hy het vir haar 'n kaartjie by die skool gemaak.

Hoekom was Isak bekommerd?

- Isak was bekommerd omdat dit sy mamma se verjaarsdag was en hy niks spesiaal gehad het om vir haar te gee nie.
- Isak was bekommerd omdat hy nie geweet het wat hy vir sy mamma vir haar verjaarsdag kan kry nie.
- Isak was bekommerd omdat hy nie geld gehad het om vir sy mamma 'n groot, spesiale geskenk te koop nie.
- Isak was bekommerd dat sy mamma hartseer gaan voel op haar verjaarsdag sonder 'n groot, spesiale geskenk.

VERHAAL 7

DIE EERSTE INENTING

Tema: Ons leer oor wetenskap



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is gebaseer op feite.
- Dit speel af in Engeland.
- Dit vind plaas in die verlede - meer as 200 jaar gelede. Hierdie storie sal u leerders help om meer te leer oor hoe entstowwe ontwikkel is, en om te besef dat wetenskap deel van ons daaglikse lewe is.



Begripstrategie: Maak evaluasies

- Wat is dit: Om te besluit of jy hou van die verhaal of die besluite wat die karakters gemaak het.
- Waarom ons dit gebruik: Om jou eie menings te vorm en die verhaal op 'n dieper vlak te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om oor die verhaal se boodskap en wat jy daaroor glo, te dink.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Meer as 200 jaar gelede het 'n siekte wat ons pokke noem, miljoene mense doodgemaak. Mense het nie geweet hoe om hulself daarteen te beskerm nie en daar was geen medisyne om dit te behandel nie.
- 'n Dokter met die naam Edward Jenner het iets ongewoons opgemerk. Hy het vrae gevra, sy idee getoets en die wêreld verander.
- Dit is belangrik om te weet dat pokke 'n baie gevaarlike siekte was wat miljoene mense doodgemaak het. Koeipokke was 'n minder gevaarlike siekte wat mense van koeie af aangesteek het. Melkmeisies het dikwels koeipokke gekry, maar hulle het nie daarvan doodgegaan nie. Edward Jenner het 'n patroon raakgesien – en wetenskaplikes begin dikwels deur patrone raak te sien.
- Wanneer jy 'n entstof kry, kry jou liggaam 'n baie klein dosis van 'n siekte. Jou liggaam leer hoe om daarteen te veg. Later, as jy die werklike siekte kry, is jou liggaam gereed om daarteen te veg.
- In hierdie storie toets Edward Jenner sy entstof op 'n kind. Lank gelede het dokters nie altyd verstaan hoe om hulle idees veilig te toets nie. Vandag is daar streng reëls om mense tydens mediese toetse te beskerm.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
202, 1	Hy het die eerste inenting ontwikkel om hierdie dodelik siekte hok te slaan.	Edward Jenner het uitgevind hoe om 'n entstof te maak voor enigiemand anders. Ek maak die afleiding dat hy 'n baie slim persoon moes gewees het!
205, 1	Die seuntjie se naam was James. Edward wou sien of hierdie klein inspuiting James se liggaam kon help om die nodige weerstand op te bou om Pokke te beveg.	Edward was so nuuskierig dat hy 'n klein seuntjie met koeipokke ingespuut het. Ek dink hy het 'n baie groot kans gewaag! Hy kon arme klein James met koeipokke besmet het.

Jy is heel moontlik al vantevore ingeënt, maar het jy al ooit gewonder hoe inentings werk? Weet jy wat gebeur wanneer die naald in jou arm ingaan?

Wanneer jy 'n inenting kry, word 'n klein bietjie van 'n siekte in jou liggaam ingespuut. Dit help jou liggaam bou aan die nodige middels vir jou liggaam om te veg teen hierdie siekte. Dit beteken jy sal moontlik nie in die toekoms hierdie siekte kry nie.



Pokke was 'n siekte wat eens op 'n tyd miljoene mense regoor die wêreld doodgemaak het. Deesdae bestaan hierdie siekte nie meer nie, danksy 'n man met die naam Edward Jenner. Hy het die eerste inenting ontwikkel om hierdie dodelik siekte hok te slaan.



Edward Jenner het meer as twee honderd jaar gelede in Engeland gewoon. Edward het gesien dat baie mense in sy gemeenskap siek word en doodgaan van Pokke. Hierdie siekte het enigiemand aangeval – jonk of oud, ryk of arm. Tog het almal geweet dat die melkmeisies – die vroue wat koeie gemelk het – omtrent nooit Pokke gekry het nie. Edward het gewonder hoekom.



Edward het besluit om die melkmeisies dop te hou. Hy het gesien dat koeie 'n soortgelyk siekte kry, dit word Koeipokke genoem. Die melkmeisies het siek geword met Koeipokke, maar hulle het altyd gesond geword. Daarna, kon hulle in dieselfde vertrek as iemand met Pokke wees, maar hulle sou nie die dodelike siekte kry nie!

Edward het besef dat Koeipokke die melkmeisies beskerm het. Hy het gedink dat Koeipokke hulle liggame help bou aan die nodige weerstand om te veg teen hierdie siekte, maar hy moes eers sy idee toets.



Edward het 'n melkmeisie opgespoor wat siek was met Koeipokke. Hy het toe van die vloeistof van een van haar blasies geneem. Edward het hierdie vloeistof ingespuut in die arm van 'n agtjarige seuntjie. Die seuntjie se naam was James. Edward wou sien of hierdie klein inspuiting James se liggaam kon help om die nodige weerstand op te bou om Pokke te beveg.



Toe het Edward vir arme klein James in 'n kamer, met mense wat siek is aan Pokke, gesit. Hy het gewag om te sien of James siek word, maar Edward se idee was reg. Die klein bietjie Koeipokke het James se lyf gehelp om te bou aan die nodige weerstand om te veg teen Pokke. James het nooit siek geword nie!



Edward het toe geweet sy idee was reg – deur ’n klein bietjie van ’n siekte te hê, kan jy jou liggaam voorberei om te veg en jou te beskerm! Danksy die werk van Edward Jenner, het ons nou inentings om ons te beskerm teen baie dodelike siektes!





Lees 1

Wat het Edward Jenner uitgevind?

- Hy het die eerste inenting uitgevind.
- Hy het die inenting teen Pokke uitgevind.

Wat het Edward Jenner gedink beskerm die melkmeisies teen Pokke?

Hy het gedink Koeipokke beskerm die melkmeisies teen Pokke.

Hoekom het Edward Jenner vir James ingespuut met Koeipokke?

- Omdat hy gesien het die melkmeisies kry nie Pokke nadat hulle Koeipokke gehad het nie.
- Omdat hy wou sien of Koeipokke vir James kon beskerm teen Pokke.
- Omdat hy sy idee wou toets.



Lees 2

Wat was die probleem wat Edward wou oplos?

Hy wou mense keer om siek te word met Pokke.

Wat was die oplossing wat hy getoets het?

- Hy het 'n toets gedoen deur James met Koeipokke in te spuit.
- Hy het getoets of James Pokke sal kry nadat hy ingespuut is met Koeipokke.

Kan jy 'n afleiding maak? Wat dink jy van Edward se idee om James in 'n kamer te sit met mense wat Pokke gehad het?

- Ek dink dit was 'n goeie idee, want ...
- Ek dink dit was 'n slegte idee, want ...

VERHAAL 8

LENIE SE

EKSPERIMENT

Tema: Ons leer oor wetenskap



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie storie sal u leerders help om beter te verstaan dat plante lewende dinge is, en dat hulle spesifieke dinge nodig het om aan die lewe te bly.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Plante leef, net soos mense en diere.
- Enigiets wat leef, het sekere dinge nodig om te oorleef. Spesifiek benodig plante:
 - Lug om asem te haal.
 - Water om te drink.
 - Sonlig – plante gebruik dit om kos te maak.
 - Grond – om voedingstowwe en ondersteuning te verskaf. In hierdie storie stel Lenie 'n eksperiment met haar plante op.
- Sy ontwerp haar eksperiment sodat sy kan sien wat gebeur as 'n plant nie lug, water, sonlig of grond kry nie.
- Sy leer dat sy as wetenskaplike mooi moet oplet en alles wat sy sien moet neerskryf.
- Eksperimente soos hierdie van Lenie, help ons om meer te leer oor die wêreld rondom ons.



Begripstrategie: Maak verbindings

- Wat is dit: Om te dink aan hoe die verhaal verband hou met jou eie lewe, ander boeke, of die wêreld.
- Waarom ons dit gebruik: Om die verhaal beter te verstaan deur dit te verbind met dinge wat jy reeds weet.
- Hoe dit help: Dit maak die verhaal meer betekenisvol en makliker om te onthou.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
215, 2	Lenie en haar ouers het 'n wetenskaplike eksperiment opgestel op Lenie se vensterbank.	O! Ek kan 'n verband maak met die storie wat ons verlede week gelees het! Edward Jenner het ook 'n eksperiment uitgevoer. Mense voer eksperimente uit om 'n idee te toets en om nuwe inligting te leer.
216, 1	“Kom ons sit een van die plante in 'n pastieksak. Dan kan ons sien wat gebeur as plante nie lug kry nie,” sê Lenie se ma.	In ons storie van verlede week het Edward 'n eksperiment uitgevoer om te sien of sy entstof sou werk. Nou doen Lenie 'n eksperiment om te sien wat sal gebeur wanneer plante nie die verskillende dinge kry wat hulle nodig het nie!

Lenie se oom het vir haar 'n pragtige orgideë vir haar verjaarsdag gegee. “Pas die plant goed op!” het hy vir Lenie gesê. Lenie het die orgideë op haar bedkassie gesit.



Maar na 'n paar weke het die plant doodgegaan.

Lenie het die plant uitgebring en vir haar ouers gewys. “Ek verstaan nie – ek het gedink ek is goed vir my plant,” sê sy. “Wat het met dit gebeur?”



Lenie se mamma lag. “O Lenie! Ek is jammer – ek het gedink jy weet hoe om vir plante te sorg. Dit is ons fout – ons moes jou geleer het wat plante nodig het om te oorleef! Plante is lewende goed, net soos ek en jy. Hulle het dieselfde goed as ons nodig om te oorleef!”

“Ek het nie geweet plante is lewende goed nie!” sê Lenie verras. “Beteken dit plante haal asem, soos ons?” “Ja, dit is reg,” sê Lenie se ma. “Plante haal asem net soos ons.”

“Wel ek dink my orgideë het lug gehad om asem te haal,” sê Lenie.

“Ja, maar plante het ook water nodig om te oorleef – net soos ons. Alle lewende goed het water nodig. Het jy jou orgideë water gegee?” vra Lenie se ma haar.

Lenie skud haar kop. “Ek het nie geweet plante het water nodig nie! My orgideë moes so dors gewees het!”

“Wat van kos? Ons het kos nodig om te oorleef, reg? Wat eet plante?” vra Lenie nuuskierig.

“Wel, dit is hoekom plante sonlig nodig het. Hulle verander sonlig in hul eie kos! Dink jy jou orgideë het genoeg sonlig gekry om kos vir homself te maak?” vra Lenie se ma haar. Lenie skud haar kop. “Nee, my slaapkamer is nogal donker.”

“Plante het vitamienene en voedingstowwe nodig, hulle kry dit van die grond. Ek dink jou orgideë het grond gehad, maar nie genoeg lig nie so dit was waarskynlik honger!” voeg Lenie se ma by.



“Ek het ’n idee,” sê Lenie se ma, sy dra ’n kissie met saailinge en klein potjies na binne. “Kom ons kyk wat gebeur as ’n plant nie genoeg lug, water, sonlig of grond het nie!” sê sy.


Lenie en haar ouers het ’n wetenskaplike eksperiment opgestel op Lenie se vensterbank.



“Kom ons sit een van die plante in ’n pastieksak. Dan kan ons sien wat gebeur as plante nie lug kry nie,” sê Lenie se ma.



Lenie se ma skud die grond van een van die saailinge af en sit dit in 'n leë potjie. “Dit sal ons wys wat gebeur wanneer 'n plant nie grond het nie!” sê sy.



“Ons sal moet sien wat gebeur wanneer ’n plant nie sonlig het nie!” sê Lenie. Toe, hardloop sy kombuis toe en kom terug met ’n klein bruin papiersakkie. “Nou sal dit geen lig van die son kry nie – en dit sal nie kos hê om te eet nie,” sê sy, terwyl sy die bruin papiersakkie oor een van die saailinge sit.



“Dan sal hierdie een die een sonder water wees,” sê Lenie se ma.

“Uiteindelik, het ons een plant nodig wat alles kry wat dit nodig het – lug, sonlig, grond en water. Op daardie manier, kan ons die plante vergelyk wat nie alles kry wat hulle nodig het nie, teenoor die plant wat dit wel kry!” sê Lenie se ma.

Lenie sit ’n etiket by elkeen van die plante.



“Deel daarvan om ’n wetenskaplike te wees is om waar te neem en rekord te hou. Hierdie is ’n spesiale dagboek om dit wat jy waarneem te kan aanteken!”

Lenie se ma help haar om haar plantjoernaal reg te kry. “Vandag moet ons ’n voorspelling doen van wat ons dink met elke plant gaan gebeur. Dit beteken jy moet dit wat jy weet van plante gebruik vir ’n goeie raaiskoot!” sê Lenie se ma.



Lenie begin om te teken, terwyl sy dink wat met haar saailinge gaan gebeur.





Lees 1

Wat het gebeur met die orgideë wat Lenie by haar oom gekry het?

Die orgideë van haar oom af het doodgegaan.

Wat het plante nodig om te groei?

Plante het lug, sonlig, water en grond nodig om te groei.

Kan jy 'n verbinding maak tussen ons verhaal van verlede week, 'Die eerste inenting', en hierdie week se verhaal oor Lenie?

- Ek kan 'n verbinding maak. Iets wat dieselfde is tussen hierdie twee verhale is ...
- Ek kan 'n verbinding maak. Edward Jenner en Lenie het altwee ...



Lees 2

Wat is een ding wat jy van plante geleer het in hierdie storie?

Ek het geleer ...

Wat dink jy het Lenie uit haar wetenskapeksperiment geleer?

Ek dink Lenie het geleer dat ...

Wat is jou voorspelling oor wat sal gebeur as Lenie se oom nou vir haar 'n plant gee?

Ek dink as Lenie se oom vir haar 'n nuwe plant gee ..., want ...



NHLRP | National
Home Language
Reading Programme “